

**STUDIEBEGELEIDING AAN LEERLINGE IN DIE SENIORPRIMÊRE-
SKOOLFASE MET 'N NEGATIEWE STUDIEHOUDING**

Frances W. Phooko

**STUDIEBEGELEIDING AAN LEERLINGE IN DIE
SENIORPRIMÊRESKOOLFASE MET 'N NEGATIEWE
STUDIEHOUDING**

FRANCES W. PHOOKO, P.O.D., B.A., B.ED.

**Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Educationis in Voorligting aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Studieleier: Prof. J.L. Marais

Potchefstroom

Desember 1997

DANKBETUIGINGS

By voltooiing van hierdie studie is dit my opregte begeerte om die volgende persone en instansies van harte te bedank:

- Alle dank en eer aan my Skepper wat my deur sy krag en genade in staat gestel het om die studie te voltooi.
- My innige dank aan my studieleier, prof. J.L. Marais, vir die besondere wyse waarop hy my deurgaans bygestaan het. Sy leiding en belangstelling word hoog op prys gestel en waardeer.
- My man, Nehemiah, vir sy onbaatsugtige hulp, liefde, geduld, ondersteuning en aanmoediging.
- My kinders, Delia, Sylvester, Lillis en Gaylin vir hul opoffering, geduld en ondersteuning.
- My ma, skoonma, familie en vriende vir hul ondersteuning en belangstelling.
- Al die standerdvierleerlinge van die primêre skool wat aan die ondersoek deelgeneem het.
- Die Vrystaatse Ondewysdepartement en die hoof van die skool vir hul toestemming om die ondersoek te doen.
- Die personeel van die Kinderleidingklinik te Kroonstad vir hul vriendelike diens.
- Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hul gewaardeerde diens en leiding.
- Personeel van die Brentpark Biblioteek en die Kroonstad Biblioteek vir hul vriendelike dienste.
- Prof. Faans Steyn, Statistiese Konsultant van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir sy hulp met die statistiese ontleding van die data.
- Prof. M.C.A. Seyffert vir die taalkundige versorging van die verhandeling.
- Mev. Francis Labuschagne vir die keurige tikwerk.
- Aan almal wat direk of indirek betrokke was by die studie.

OPSOMMING

Die kind in die seniorprimêreskoolfase (graad 5 tot graad 7) behoort onder gunstige omstandighede 'n gelukkige en sorgvrye bestaan met min werklike probleme vir homself of sy ouers te voer. In hierdie tydperk is die kind op sy ontvanklikste; daarom is dit belangrik dat die kind gedurende hierdie fase goeie studiegewoontes, studiehoudings en studiemetodes moet aanleer.

Houding speel 'n belangrike rol in leer. As die kind 'n negatiewe houding teenoor leer het, sal die akademiese prestasie ook nie na wense wees nie. Die kind met 'n negatiewe houding het ook 'n negatiewe of swak selfbeeld. Die kind in die seniorprimêreskoolfase moet altyd gelei word om 'n positiewe houding en selfbeeld te ontwikkel en te behou.

Die doel van die navorsing is om te bepaal of studiebegeleiding leerlinge in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding se gesindheid teenoor leer positief kan beïnvloed.

Die kenmerke van die seniorprimêreskoolkind ten opsigte van fisieke, sosiale, emosionele, sedelike en persoonlikheidsontwikkeling is onder die loep geneem. Daar is gefokus op studiehouding en die faktore wat dit beïnvloed, onder andere taal, stres, selfbeeld, erflikheid en omgewing.

Vervolgens is die studiebegeleidingsprogram vir die kind in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding volledig uiteengesit. Daar is gefokus op riglyne vir studiebegeleiding in die vorm van groepvoorligting en die tien sessies waarin die studiebegeleidingsprogram ingedeel is. Die studiebegeleidingsprogram bestaan uit oriëntering van die groep, doelstellings, studiehouding, selfbeeld, studiegewoontes, studiemetodes, faktore wat leer beïnvloed, fasette van die geheue, aandag en konsentrasie, opstel van 'n werkprogram en studierooster, motivering, luister, doeltreffende lees, eselbruggies, memorisering, opsommings, onderstreping en voorbereiding en skryf van die eksamen.

In die empiriese ondersoek is die volgende stappe gevolg:

- Vyftien leerlinge in die seniorprimêreskoolfase (graad 6) wat 'n negatiewe studiehouding getoon het, is met behulp van die skoolvoorligtingonderwyser geselekteer.
- Voor en na die studiebegeleidingsprogram het die navorsingsgroep vraelyste oor studiegewoontes, -houding en studiemetodes voltooi. Die leerlinge het ook 'n Algemene Wetenskaptoets voor en na die studiebegeleiding geskryf. Die resultate van die voor- en natoets van die vraelyste en Algemene Wetenskaptoetspunte is met mekaar vergelyk.

Verder is die aanbieding en vertolking van die vraelysresponse oor studiemetodes, studiehouding, studiegewoontes en Algemene Wetenskaptoetspunte uiteengesit. Die voor- en natoetse is vergelyk.

Uit die ondersoek het dit aan die lig gekom dat in al die vrae in die vraelyste 'n beduidende verandering voorgekom het, naamlik 'n groot effek (0,8), behalwe in vrae 41, 46 en 49 wat 'n medium effek getoon het. Hierdie verbetering of verandering in die voor- en natoetse van die vraelyste en die Algemene Wetenskaptoetspunte is dus opvoedkundig betekenisvol.

Na aanleiding van die positiewe verandering in die vraelysresponse en die Algemene Wetenskaptoetspunte blyk dit dat die studiebegeleidingsprogram suksesvol was. Dit wil voorkom asof studiebegeleiding 'n besondere rol kan speel in die gevalle waar die seniorprimêreskoolkind 'n negatiewe studiehouding het. Daar bestaan 'n behoefte by die kind in die seniorprimêreskoolfase om begelei te word tydens leer en sodoende positief beïnvloed te word. Begeleiding impliseer bystaan, dit wil sê, die kind moet tydens leer bygestaan word sodat leer doeltreffender kan geskied en die kind se potensiaal optimaal ontplooi, of benut kan word. Indien die kind se potensiaal optimaal benut word, kan die kind eendag 'n gelukkige volwassene word wat 'n aanwinst vir hom/haarself en vir die gemeenskap kan wees.

Sleutelwoorde

Studie, begeleiding, negatief, seniorprimêreskoolfase, houding, studiehouding, studiegewoontes, studiemetodes.

SUMMARY

Under favourable conditions, the child in the senior primary phase (from Grade 5 to Grade 7) should lead a happy and carefree life with few real problems for him/herself or his parents. At this time the child is at his/her most receptive stage, therefore it is very important that the child should acquire good study habits, study attitudes and study methods.

Attitude plays a very important role in learning. If the child has a negative attitude towards study, his academic achievement will not be as desired. The child who has a negative attitude also has a negative or poor self esteem. It is important to lead the child in the senior primary phase to develop and adopt a positive attitude and self esteem.

The aim for this study is to determine whether the pupils (learners) in the senior primary phase will develop a positive disposition towards learning if they are given guidance.

The characteristics of the senior primary child in relation with his physical, social, emotional, moral and personal development is closely scrutinised. The focus is on study attitude and the factors that would influence it such as language, stress, self esteem, hereditary, abilities and environment.

Thus the study guidance program for the child in the senior primary phase with a negative study attitude has been set out comprehensively. The focus fell upon study guidelines for study guidance in the form of group guidance and the ten sessions into which the study guidance program was set out. The study guidance program consisted of orientation of the group, aims or objectives, study attitude, self esteem, study habits, study methods, factors which influence learning, facets of the memory, attention and concentration, compiling a works program and study roster, motivation, listening, effective reading, memory aids, memorising, summarising, underlining and preparation and writing of the examination.

During the empirical investigation the following steps were followed:

- The school guidance teacher selected fifteen pupils (learners) from the senior primary phase (grade 6) who showed a negative study attitude.
- Questionnaires about study habits, study attitudes and study methods were completed by the group before and after the study guidance program. The pupils also had to write a General Science test before and after the study guidance. The results of the General Science Tests before and after the study guidance, were compared with each other.

The presentation and interpretation of the response of the questionnaire about study methods, study attitudes and study habits regarding the General Science test marks were recorded. The test marks before and after were compared.

Furthermore, from the examination it came to light that the questions in the questionnaire showed a marked change namely a great effect (0,8) except in questions 41, 46 and 49 which showed a medium effect. This improvement or change in the Science Test marks are thus educationally viable.

As a result of the positive change in the questionnaire's response and the General Science test marks, it appears that the program was successful. It also shows that a study guidance program can play an important role in cases where the Senior Primary pupil (learner) has a negative study attitude. There is a definite yearning by the child in the senior primary phase to be guided during learning and thus being influenced positively. Guidance implies assistance, i.e. during learning/study the child must be assisted so that learning can be effective and the potential of the child be optimally unfolded or developed. If the child's potential is optimally developed, the child will become a happy adult who will be an asset to him/herself and to the community.

Key words:

Study, guidance, negative, senior primary phase, attitude, study attitude, study method, study habits.

INHOUDSOPGAWE

Opsomming
Summary

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOEL, TITEL- EN BEGRIPSVERKLARING EN NAVORSINGSPROGRAM

	1	
1.1	Inleiding	1
1.2	Titel en begripsverheldering	3
1.2.1	Titel.....	3
1.2.2	Begrip	3
1.3	Probleemstelling	8
1.4	Doelstellings	0
1.5	Hipoteseformulering	10
1.6	Ondersoekmetode	10
1.7	Uiteensetting van die navorsingsprogram	11
1.8	Samevatting.....	12

HOOFSTUK 2

DIE LEERLING IN DIE SENIORPRIMÈRESKOOLFASE

	13	
2.1	Inleiding	13
2.2	Fisieke ontwikkeling	13
2.3	Kognitiewe ontwikkeling	15
2.4	Fasette van die geheue	16
2.4.1	Sensoriese geheue.....	16
2.4.2	Korttermyngeheue	16
2.4.3	Langtermyngeheue.....	17
2.5	Emosionele ontwikkeling	18
2.6	Sosiale ontwikkeling	20
2.7	Sedelike ontwikkeling	21
2.8	Persoonlikheidsontwikkeling	23
2.9	Samevatting.....	24

HOOFSTUK 3

STUDIEHOUDING EN FAKTORE WAT DIT BEÏNVLOED

	25	
3.1	Inleiding	25
3.2	Verklaring van houding.....	25
3.3	Houdingsverandering	26
3.4	Studiehouding.....	27
3.4.1	Studiegewoontes	28
3.4.2	Studiemetodes.....	29
3.4.3	Studietegnieke.....	30
3.5	Faktore wat studiehouding beïnvloed.....	30
3.5.1	Oriëntering.....	30
3.5.2	Taal.....	30
3.5.3	Stres	31

3.5.3.1	Oriëntering.....	31
3.5.3.2	Verantwoordelikheidsoorlading	31
3.5.3.3	Veranderingsoorlading	32
3.5.3.4	Emosionele oorlading	32
3.5.3.5	Inligtingsoorlading	32
3.6	Selfbeeld.....	33
3.7	Omgewing.....	35
3.7.1	Oriëntering.....	35
3.7.2	Die huis.....	35
3.7.3	Die skool.....	36
3.7.4	Portuurgroep.....	37
3.7.5	Die kerk	38
3.8	Aandag en konsentrasie.....	38
3.9	Motiveringstrategie	39
3.10	Samevatting.....	40

HOOFSTUK 4

'N STUDIEBEGELEIDINGSPROGRAM VIR LEERDERS MET 'N NEGATIEWE STUDIEHOUDING

		41
4.1	Inleiding	41
4.2	Riglyne vir die studiebegeleidingsprogram.....	41
4.3	Groepvoorigting	42
4.3.1	Rol van die groepleier	43
4.3.2	Vorbereiding van groeplede	43
4.3.3	Tegnieke in groepleer.....	44
4.3.3.1	Groepsamewerking.....	44
4.3.3.2	Bespreking.....	44
4.3.3.3	Wense	45
4.3.3.4	Ontspanning	45
4.3.3.5	Rollespel.....	45
4.3.3.6	Dinkskrum.....	45
4.3.3.7	Prikkeltabelle	45
4.3.3.8	Gongroepe.....	46
4.3.3.9	Vertroueskepping	46
4.4	Studiebegeleidingsprogram.....	46
4.4.1	Eerste sessie	47
4.4.2	Tweede sessie.....	48
4.4.3	Derde sessie.....	50
4.4.4	Vierde sessie	52
4.4.5	Vyfde sessie	52
4.4.6	Sesde sessie	55
4.4.7	Sewende sessie.....	57
4.4.8	Agste sessie	62
4.4.9	Negende sessie.....	64
4.4.10	Tiende sessie	67
4.5	Samevatting.....	73

HOOFSTUK 5

	ONDERSOEKMETODE	75
5.1	Inleiding.....	75

5.2	Doelstelling.....	75
5.3	Proefpersone.....	75
5.4	Agtergrondgegewens van die proefpersone.....	76
5.4.1	Proefpersoon A.....	76
5.4.2	Proefpersoon B.....	76
5.4.3	Proefpersoon C.....	77
5.4.4	Proefpersoon D.....	77
5.4.5	Proefpersoon E.....	77
5.4.6	Proefpersoon F.....	78
5.4.7	Proefpersoon G.....	78
5.4.8	Proefpersoon H.....	78
5.4.9	Proefpersoon I.....	78
5.4.10	Proefpersoon J.....	79
5.4.11	Proefpersoon K.....	79
5.4.12	Proefpersoon L.....	79
5.4.13	Proefpersoon M.....	80
5.4.14	Proefpersoon N.....	80
5.4.15	Proefpersoon O.....	80
5.5	Die meetinstrument.....	81
5.5.1	Samestelling van vraelyste.....	81
5.5.2	Lengte van vraelyste.....	82
5.5.3	Anonimiteit van die vraelys.....	83
5.5.4	Voorkoms van die vraelys.....	83
5.5.5.	Inhoudsgeldigheid.....	83
5.6	Verloop van die navorsingsprojek.....	84
5.7	Statistiese tegnieke.....	84
5.8	Samevatting.....	84

HOOFSTUK 6

RESULTATE EN BEVINDINGE.....	86	
6.1	Inleiding.....	86
6.2	Vertolking van studiemetodevraelys.....	87
6.3	Vertolking van studiehoudingsvraelys.....	89
6.4	Vertolking van studiegewoontevraelys.....	90
6.5	Vertolking van Algemene Wetenskaptoetspunte.....	92
6.6	Vertolking van Algemene Wetenskaptoetspunte.....	93
6.7	Samevatting.....	94

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING, AANBEVELING, TEKORTKOMINGE EN SLOT.....	95	
7.1	Inleiding.....	95
7.2	Samevatting.....	95
7.3	Gevolgtrekkings.....	101
7.4	Aanbevelings.....	102
7.5	Leemtes van die ondersoek.....	104
7.6	Slot.....	105

BIBLIOGRAFIE..... 107

Bylaag 1	Vraelys
Bylaag 2	Brief aan skoolhoof
Bylaag 3	Brief aan Streekhoof
Bylaag 4	Brief aan die Uitvoerende Direkteur van Onderwys

LYS VAN TABELLE

Tabel 6.1	Gemiddelde verskille ten opsigte van veranderlikes tussen na en voor die studiebegeleiding.	87
Tabel 6.2	Verskille ten opsigte van veranderlikes tussen voor en na studiebegeleiding - studiehouding	89
Tabel 6.3	Verskille ten opsigte van veranderlikes tussen voor en na studiebegeleiding - studiegewoontes	90
Tabel 6.4	St.4-leerlinge se Algemene Wetenskappynte	92
Tabel 6.5	Die verskil of verbetering van Algemene Wetenskaptoetse voor en na studiebegeleiding.	93

Die kind in hierdie stadium beweeg ook weg van die ouers en meer na die portuurgroep (Woolfolk, 1995:69).

Sonnekus (1986:66,67) en Kruger (1980:65) gaan verder en beklemtoon die feit dat ouers tydens hierdie periode hul opvoedingstaak moet voltooi. Na die middelkindertydperk verander die kind radikaal en raak die kind krities teenoor oueropvoeding ingestel. Die middelkindertydperk word ook as die voorbereidingsfase vir huiswerk beskou. Dit is belangrik dat die ouers hul stelselmatig tydens hierdie periode moet onttrek, ten opsigte van hulpverlening met huiswerk sodat die kind teen die einde van die fase sy huiswerk selfstandig kan doen.

Volgens Turner (1987:232) word die middelkindertydperk gekenmerk deur ratsheid, handigheid, goeie beheer en balans.

Louw (1990:325) en Kruger (1980:66) stem saam met die ander opvoedkundiges soos Sonnekus (1986:76) en Woolfolk (1995:69) dat 'n ontwikkeling gedurende die middelkinderjare 'n stewige fondament vorm vir latere ontwikkeling.

Die middelkinderjare is 'n tydperk van rustigheid en kalmte in vergelyking met die voorafgaande periode en die daaropvolgende adolessente jare. Freud noem die middelkinderjare die tydperk van psigoseksuele latentheid. Ericson verwys weer na die middelkinderjare as die tydperk van arbeidsaamheid versus minderwaardigheid (Louw, 1996:328; Turner et al., 1987:264; Woolfolk, 1995:69).

Gedurende die seniorprimêreskoolfase is die legeremdhede van die kind meer opvallend. Dit is belangrik om legeremdhede tydens hierdie stadium uit die weg te ruim en te sorg dat die kind gedurende hierdie stadium goeie studiegewoontes en -houdings aanleer, omdat die kind in die seniorprimêreskoolfase op sy ontvanklikste is om te leer.

1.2 TITEL EN BEGRIPSVERHELDERING

1.2.1 Titel

Die titel **Studiebegeleiding van leerlinge met 'n negatiewe studiehouding in die seniorprimêreskoolfase** leen homself daartoe om leerders wat 'n negatiewe studiehouding het en wat moontlike leerprobleme mag ondervind, met behulp van 'n studiebegeleidingsprogram te oriënteer en voor te berei, sodat hulle houding teenoor studie positief beïnvloed kan word.

1.2.2 Begrip

Terme en begrippe wat dikwels in die navorsingsprojek gebruik word, word vervolgens omskryf:

Motivering

Motivering is afgelei van die Latynse woord "movère" wat beteken om te beweeg, soos "move" in Engels. Die kind in die seniorprimêreskoolfase moet dus in "beweging" gebring word om 'n meer positiewe houding te ontwikkel en om beter te presteer (Lampbrecht, 1988:8-39, Breedt, 1990:12).

Volgens Atkinson **et al.** (1993a:45) dui motivering op die regulering van behoeftebevrediging en doelgerigte gedrag.

Volgens die HAT (1984:715) word motivering as aktiveer, aanvaar of aanmoedig omskryf.

De Wet **et al.** (1981:215) definieer motivering soos volg:

"Die aktivering van die motiveringaksie van 'n persoon deur homself of deur 'n ander tot verhoogde aktiwiteit ter realisering van 'n doel of doelstellings." Gouws **et al.** (1979:192) beskryf motivering as 'n aktiwiteit wat daarop gerig is om een of meer persone aan te spoor om iets met geesdrif te doen. Dit is ook noodsaaklik dat die leerling wil leer in belang van homself en nie ter wille

van sy ouers of onderwysers nie, want dan staan hy 'n groter kans om suksesvol te wees (Jooste, 1988:82, Lamprecht; 1990:39).

Motivering dui op die interne en eksterne dryfkrag van die leerling om te leer. Uiterlike aanmoediging het 'n groot invloed op die leerling. Dit is die belangstelling in die leerling wat getoon word deur sy ouers, vriende en onderwysers. Die interne gemotiveerdheid van die leerling is sy eie belangstelling ten opsigte van sy leerwerk. Die innerlik gemotiveerde leerling beskik oor die nodige wilskrag, spontane belangstelling, entoesiasme en deursettingsvermoë. Die leerling leer doelgerig en het realistiese studiedoelwitte (Jacobs, 1986:40; De Wet et al., 1981:22; Breedts, 1990:12).

Motivering kan dus saamgevat word as die dryfkrag en die wil om 'n doel wat gestel is met alle inspanning te bereik.

Begeleiding

Die kind in die daaglikse omgang is deurentyd aangewese op die leiding van die volwassene. Aangewese word omskryf as afhanklik van. Wat dan wel beteken die kind is afhanklik van die volwassene se hulp (HAT, 1984:5). Indien die volwassene sou weier om die kind te help, kan die kind angstig en onveilig voel. Die begeleiding van die kind deur die volwassene is eintlik deur God ingestel (Coetzee et al., 1985:32).

Hierdie onderrig of begeleiding is deur God as werklikheidswet in die eerste samelewingsverband ingestel. Die volwassenes sal dan die doel van hul begeleiding sien as dié van verbondskinders om die taak waartoe God hul geroep het in sy skepping ten volle uit te leef (Coetzee et al., 1985:32). In Mattheus 18:6 lees mens die volgende toepaslike passasie: "Maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in my glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see." (Bybel, 1963:25.)

Tuis begelei die ouer die kind vanweë die sigbare hulpeloosheid wat roep om begeleiding en ondersteuning. By die skool bied die onderwyser hulp en begeleiding aan die kind wat daarna roep weens sy/haar hulpeloosheid

(Coetzee et al., 1985:32). Die volwassene moet dus die kind aanvaar as mensekind in nood.

Volgens die HAT (1984:73 & 1102) beteken "begelei" saamgaan of vergesel en "studie" 'n handeling van studeer of leer. Studie en begeleiding is dus 'n proses waar daar saamgegaan of vergesel word tydens leer. Jacobs (1986:29) sê studie verwys na arbeid of werk wat op leer dui. Studie of leer word ook gesien as die verwerwing van kennis.

Na aanleiding van (Pretorius, 1988) beteken die Griekse woorde "pais" kind en "agogaein" lei, leiding of begeleiding in Afrikaans. Pedagogiek fokus dus op begeleiding van die kind deur volwassenes.

Onder studiebegeleiding kan verstaan word dat alle onderrig wat deur volwassenes aan kinders gegee word die kind vorm, lei en begelei tot 'n groter verantwoordelikeitsin, selfstandigheid, onafhanklikheid en keusevryheid (Coetzee et al., 1985:34). Fraser et al., (1990:15) beklemtoon ook die feit dat die onderwyser saam met die kind die didaktiese handeling moet meeleeft.

Begeleiding is as't ware deur God ingestel. Die volwassene moet altyd bereid wees om die kind te begelei, want die kind is aangewese op die volwassene se hulp.

Negativisme

In die **Psigologiewoordeboek** (Gouws et al., 1981:97) word negatief oftewel negativisme omskryf as 'n neiging om voorstelle of bevelen teen te staan. Atkinson et al. (1993a:45) verklaar negativisme as "an object or circumstance away from which behaviour is directed when the object or circumstance is perceived or anticipated". Daar word tussen aktiewe en passiewe negativisme onderskei. Aktiewe negativisme is die neiging om die teenoorgestelde te doen as wat verwag word. Passiewe negativisme is die versuim om gewone handeling uit te voer (Gouws et al., 1979:197).

Negativisme dui dus op die neiging om goeie bevelen te staan en die versuim om gewenste handeling uit te voer.

Houding

Volgens die HAT (1984:415) is houding die manier van dinge doen, of hoe daar opgetree word.

Studiehouding

Met studiehouding word daar verwys na die gesindheid en ingesteldheid van die kind teenoor opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes. Houding word ook gedefinieer as 'n relatief stabiele en blywende aangeleerde geneigdheid om op 'n bepaalde manier teenoor sekere sake of voorwerpe te reageer. Dit dui ook op 'n voortdurende psigiese toestand om positief of negatief op voorwerpe of sake te reageer. Houding impliseer ook 'n neiging om te klassifiseer en te kategoriseer en bevat kognitiewe en affektiewe komponente (Gouws et al., 1979:124; Smith & Le Roux, 1992:96).

Goliath (1992:83) haal die volgende definisie van Allport oor denkpatrone van houding aan: "An attitude is a mental and neural state of readiness organized through experience, exerting a directive or dynamic influence upon the individual's responses to all objects and situations with which it is related."

Goliath (1992:84) beskou ook studiehoudings as die gesindheid en ingesteldheid wat die leerling teenoor opvoedkundige ideale, doelstellings en vereistes openbaar.

Green, soos aangehaal deur Breedts (1990:28), beweer dat houding 'n neiging verteenwoordig om positief of negatief teenoor sekere voorwerpe op te tree. Die neiging verskil in intensiteit by die onderskeie voorwerpe en omgewings. Green is ook van mening dat 'n positiewe houding sy oorsprong in aangename ervarings het. Die kind wat die nodige aanmoediging en beloning van die onderwyser ontvang, tree positief op. Die ander aspek van houding tree eers later in werking, byvoorbeeld die kind besef dat die

onderwyser en die vak hom in staat sal stel om goeie welslae te behaal. Dit beïnvloed hom positief. Die ego, die ander aspek van houding, ontstaan uit die kind self. Hy sal 'n positiewe houding teenoor intellektueles ontwikkel as hy homself as 'n intellektueel sien.

Studiehouding is die gesindheid wat die kind toon teenoor leer. Hierdie gesindheid kan positief of negatief wees. Die kind wat die nodige aanmoediging en beloning kry se gesindheid of houding is positief ingestel teenoor leer en opvoedkundige inrigtings.

Selfbeeld

Selfbeeld is hoe jy jouself sien en hoe jy dink ander mense jou sien. Dit is baie belangrik in die hedendaagse lewe. Selfbeeld gee aan die persoon vertrouwe en sekerheid. 'n Persoon se selfbeeld bepaal hoe probleme, terugslae en mislukkings hanteer sal word (Lamprecht, 1993:16; Cole & Cole, 1989:506-509; Atkinson et al., 1993a:53).

Volgens Atkinson et al. (1993) is selfkonsep "the composite of ideas, feelings and attitudes people have about themselves", terwyl Biehler & Snowman (1997:549) dit definieer as "one's physical, social, emotional and cognitive attitudes".

Volgens Breedt (1990:29) is selfbeeld die dryfveer wat van die presteerder 'n presteerder maak.

Plug et al. (1979:269) beskryf selfbeeld oftewel selfkonsep as evaluasie of siening van die persoon self.

Selfbeeld kan dus beskou word as die persepsie wat 'n persoon van hom/haarself het. Daar is 'n verband tussen negatiewe studiehouding en selfkonsep.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Leerderemdhede ontstaan wanneer die bepaalde faktore of omstandighede buite die kind, soos houding meebring dat hy/sy nie sy moontlikhede optimaal kan verwesenlik nie. In die seniorprimêre jare kan die probleme meer vakgerig raak en opvallend wees in onderprestasie in bepaalde vakke soos tale, inhoudsvakke, wiskunde en wetenskap. In al die gevalle lei die probleme tot agterstande of interpretasie (Van Niekerk, 1986:186; Kapp, 1990:26; Kruger, 1980:66; Hammil & Bartel, 1986:1-2).

Voorloos Studiehouding by leerlinge is 'n aangeleerde ingesteldheid om op konsekwente wyse, hetsy positief of negatief, te reageer op die noodroep om kennis te verwerf. Ondervinding van opvoedkundiges het geleer dat studiehouding die belangrikste komponent van studieoriëntasie is en dat dit in 'n groot mate die ander twee komponente, studiegewoontes en studiemetodes bepaal (Kok, 1981:74; Marais, 1986:3-9).

'n Negatiewe houding teenoor studie het 'n groter invloed op akademiese prestasie as studiemetodes. 'n Negatiewe ingesteldheid teenoor studie, die gebrek aan 'n wil om self iets te bereik en 'n stel negatiewe waardes (bepaal deur ervarings en invloede tuis, op skool en daarbuite) het 'n negatiewe studieoriëntasie tot gevolg (Kok, 1981:75; Sonnekus, 1984:87).

Gegewens van die Instituut vir Psigometrie en Voorligting van die PU vir CHO dui op die behoefte aan studiebegeleiding veral by die leerling in die seniorprimêreskoolfase (Du Plessis, 1995:8). Onder studiebegeleiding word verstaan die onderrigtende bystaan van 'n leerling in hoe om doeltreffender te studeer binne die perke van aanlegaktiwiteite, sodat die volle potensiaal tot ontplooiing kan kom (Van Niekerk, 1984:102; Sonnekus, 1984:112; Kruger, 1980:66).

Daar is al baie navorsing gedoen oor die juniorprimêreskoolfase en die sekondêreskoolfase. Die seniorprimêreskoolfase het heelwat minder aandag geniet in dié opsig. Volgens Nisbet en Schucksmith (1986:22) is die kind in die seniorprimêreskoolfase die mees aangewese groep om goeie

studievaardighede en -gewoontes aan te leer. As studievaardighede eers op 'n latere ouderdom aangeleer word, is dit byna te laat om effektief te wees, want dan het die kind al sekere vaste, hetsy goeie of slegte, studiegewoontes aangeleer of ontwikkel. In baie gevalle is dit die leerling wat in die seniorprimêreskoolfase goeie studiemetodes aangeleer het wat later na wense vorder aan ander tersiêre inrigtings (Sonnekus, 1984:112; Louw, 1990:325; Kruger, 1980:67).

Na aanleiding van die voorafgaande probleemstelling ontstaan die volgende vrae:

- Watter ontwikkelingsfase is by die leerling in die seniorprimêreskoolfase identifiseerbaar?
- Watter leerstrategieë gebruik leerlinge in die seniorprimêreskoolfase?
- Hoe behoort leerlinge in die seniorprimêreskoolfase se leerstrategieë te wees en hoe behoort studiebegeleiding plaas te vind?
- Bestaan daar by leerlinge in die seniorprimêreskoolfase 'n behoefte aan studiebegeleiding?
- Sal studiebegeleiding leerlinge in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding positief beïnvloed?

1.4 DOELSTELLINGS

Na aanleiding van die voorafgaande beredenering word vyf doelstellings vir hierdie studie geformuleer:

- 1.4.1 Om die onderskeie ontwikkelingsfases van die kind in die seniorprimêreskoolfase te bepaal.
- 1.4.2 Om die leerstrategieë van die seniorprimêreskoolfase te bepaal.
- 1.4.3 Om die aard van die leerstrategieë en studiebegeleiding van die seniorprimêreskoolfase te bepaal.

- 1.4.4 Om die behoefte by die leerlinggroep aan studiebegeleiding te bepaal.
- 1.4.5 Om empiries vas te stel of studiebegeleiding leerlinge met 'n negatiewe studiehouding positief beïnvloed.

1.5 HIPOTESEFORMULERING

Die doel van die studie sal aan die hand van die volgende hipotese ondersoek word: Leerders in die seniorprimêreskoolfase wat geïdentifiseer is om 'n begeleidingsprogram te deurloop se houding teenoor studie sal verbeter na afloop van dié program.

Hierdie hipotese is slegs van toepassing op hierdie navorsingsprojek by die spesifieke eksperimentele groep. Daar word nie daarop aanspraak gemaak dat hierdie begeleidingsprogram met alle leerlinge in die seniorprimêreskoolfase ooreenstemmende resultate sal behaal nie.

In die lig van die voorafgaande geformuleerde hipotese wat hierdie navorsing rig, word die volgende strategieë gevolg om tot die oplossing van die navorsingsprobleem te kom.

1.6 ONDERSOEKMETODE

Die ondersoekmetode na die studiebegeleiding van leerlinge in die seniorprimêreskoolfase word in terme van 'n tweekansige wetenskaplike benadering tot die navorsingsontwerp uitgevoer, naamlik:

- 1.6.1 Eerstens is 'n literatuurstudie uit primêre en sekondêre bronne gedoen oor die betrokke probleem. 'n Aantal tydskrifartikels is op 'n kritiese wyse geëvalueer. Die literatuurstudie stel dit ten doel om die hipotese positief te bewys.
- 1.6.2 Tweedens is 'n empiriese ondersoek gedoen.

Vraelyste wat bestaan uit items oor studiemetodes, -houding en -gewoontes sal saamgestel word wat geskik is vir die kind in die seniorprimêreskoolfase oftewel die kind in die middeljare. Komponente soos die kind in die middeljare se houding teenoor studie, sy onderwyser, die plek, tyd en die wyse van die studie sal deeglik in ag geneem word. (Bylaag 1.)

15 leerlinge in die seniorprimêreskoolfase (gr. 6) wat 'n negatiewe studiehouding getoon het, is geselekteer met behulp van die skoolvoorligtingonderwyser. Hulle sal vraelyste voltooi voordat hulle 'n studiebegeleidingsprogram deurloop en daarna sal hulle weer dieselfde vraelyste beantwoord.

1.7 UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSPROGRAM

In hoofstuk 1 sal die probleemstelling, die doel van die ondersoek, titel- en begripsverheldering en die ondersoekmetode bespreek word. Begrippe soos studiehouding, studieoriëntasie, begeleiding, negatief, houding en seniorprimêreskoolkind sal verduidelik word.

Hoofstuk 2 handel oor die kind in die seniorprimêreskoolfase. Kenmerke ten opsigte van fisieke, sosiale, emosionele, sedelike en persoonlike ontwikkeling sal onder die loep geneem word.

In die daaropvolgende hoofstukke word studiehouding en die faktore wat dit beïnvloed, behandel. Die begeleidingsprogram sluit strategieë in verband met studiehouding, duidelike omskrywings van doelstellings, leermotivering as opvoedingsgeleentheid, riglyne vir die opbou van 'n positiewe selfbeeld, motiveringstrategieë, studierooster, sosiale kontakte en riglyne vir studiebegeleiding in. Die meetinstrumente en statistiese verwerking sal ook bespreek word. Verder sal die verslag van die resultate van die ondersoek gegee word.

Ten slotte sal 'n opgawe van die samevatting, gevolgtrekking en moontlike aanbevelings gegee word.

1.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die probleemstelling, doelstelling, metode van ondersoek, titel- en begripsverheldering, hipoteses en uiteensetting van die navorsingsprogram uiteengesit.

Die volgende hoofstuk word gewy aan die leerling in die senior-primêreskoolfase.

In dié verband het Biehler **et al.** (1997:100) die volgende mening oor die ontwikkeling by dogters:

"Girls' growth spurt occurs earlier, and they look older than boys of the same age."

Volgens Gormley en Bronzinsky soos dit in Louw (1990:328) gevind word, is dogters se ontwikkeling in lengte en massa byna twee jaar voor die van seuns. Die dogters se motoriese vaardigheid is ook beter as dié van seuns, veral ten opsigte van balans en ritmiese bewegings. Louw (1990:329) voer aan dat seuns se motoriese aktiwiteite soos spring, hardloop en gooi vinniger as die van dogters ontwikkel. Dit word toegeskryf aan die feit dat seuns meer spierweefsels en dus meer krag het as dogters. Die dogters sit weer vetjies aan wat kurwes veroorsaak. Baie kinders in die middelkinderjare is bykans in staat om dieselfde oefeninge en vaardighede net so goed soos volwassenes in sport en ander take te doen (Louw, 1990:328; Lefrancois, 1993:301; Turner **et al.**, 1987:233; Darley **et al.**, 1986:443; Mussen **et al.**, 1990:430).

Daar moet besef word dat die kind in die opvoedingsproses ook liggaamlik betrokke is. Die kind is 'n liggaamlike wese wat menswaardigheid het. As die kind liggaamlik verneder word, sal dit 'n effek op sy menswaardigheid hê (Sonnekus, 1984:24).

Gedurende hierdie tyd (11 tot 14 jaar) raak die kind gewoon aan sy liggaam en sy vermoëns en oor die algemeen is hy nie so bewus van sy liggaam as gedurende die tyd wat volg nie (Monteith **et al.**, 1987:51).

Gevolgtrekking

Tydens die middelkinderjare groei die kind geleidelik. Gedurende dié tydperk ontwikkel die kind tot die liggaamsbou wat hy as volwassene sal hê. Sy sportvaardighede en take ewenaar baie keer dié van die volwassene.

2.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Piaget voer aan (Louw, 1990:331; Atkinson et al., 1993:84-91; Woolfolk, 1995:36-38; Mussen et al., 1990:430) dat die kind in die middelkinderjare in die konkreet operasionele periode is. Die konkreet operasionele kind kan desentreer, dit wil sê, hy/sy kan verskeie aspekte van 'n saak gelyktydig in aanmerking neem. Die konkreet operasionele kind of middelkinderjarige kan redeneer dat die worsie en die bal dieselfde hoeveelheid klei bevat, want al is die worsie langer het sy dikte verminder. In hierdie geval word daar aan twee entiteite gedink, naamlik lengte en dikte (Turner et al., 1987:414; Seifert & Hoffnung, 1991:328; Lefrancois, 1993:305).

Die kind in die middelkinderjare of seniorprimêreskoolfase is nou meer logies en minder intuïtief. Hy kan nou konsentreer wanneer daar sekere transformasies uitgevoer word. Sy denke is ook nie meer so egosentrië nie. Hy kan homself in die situasie van ander persone indink of stel. As gevolg daarvan kan hy ook ander mense se standpunte insien en sy eie daarvolgens wysig. Die kind in die tydperk se samewerking met ander mense neem geweldig toe. Die kind beseft nou dat sekere dinge toevallig kan gebeur en verwar nie meer so baie die betekenis van oorsaak en gevolg nie. Op die stadium beseft die kind dat denke in die kop plaasvind, onsigbaar en onaantasbaar is. Hy/sy kan tussen woorde en name onderskei en hul betekenis begryp. Die kind in hierdie stadium glo dat dinge wat kan beweeg lewend is, byvoorbeeld "wolke kan warmte voel". Die kind in die middelkinderjare is op hierdie stadium in staat om sistematies voorwerpe van klein na groot te rangskik en so meer (Lefrancois, 1993:307; Louw, 1990:305, 335 & 339).

Die kind in die middelkinderjare begryp die ordinale en kardinale kenmerke van getalle. Hy/sy beseft dat getalle in gehele gekombineer word tydens basiese rekenkundige bewerkings soos by optelling en vermenigvuldiging en weer opgebreek word tydens aftrekking en deling (Turner et al., 1987:416; Louw, 1990:339; Louw et al., 1985:297).

Volgens Sonnekus (1984:30) is die kind se psigiese lewensvoltrekking baie nou verweef met sy leerhandeling in die geheel of totaliteit. Dit is belangrik dat die ouer en onderwyser kennis neem dat die kind se leer direk ingewef is in die betekenisgewing aan inhoude.

Gevolgtrekking

Die kind in die middelkinderjare kan die verskillende kante van 'n saak insien. Hy kan sien dat 'n bal wat van klei gemaak word steeds dieselfde hoeveelheid klei bevat. Die kind beweeg van egosentrisme na altruïsme en neem ander mense se belange en behoefte ook in ag.

2.4 FASETTE VAN DIE GEHEUE

Dit is die geheue waarmee inligting onmiddellik waargeneem word. Dit berg losstaande informasie en die retensie is baie laag (Kruger et al., 1996:48).

Die brein bestaan uit die sensoriese geheue, korttermyngeheue en langtermyngeheue.

2.4.1 Sensoriese geheue

Die kind in die middelkinderjare of seniorprimêreskoolfase se sensoriese geheue toon nie veel verandering teenoor die van die kleutertydperk nie. Dit neem net nou gouer om nuwe sensoriese inligting te prosesseer. Die tempo van enkodering van visuele stimuli neem ook toe (Louw, 1990:343; Atkinson et al., 1985:247; Mussen et al., 1990:315; Darley et al., 1986:228).

2.4.2 Korttermyngeheue

Die geheuespan van die kind in die middelkindertydperk neem geredelik toe. Die hoeveelheid inligting en die prosesseringspoed waaruit inligting bestaan, het 'n invloed op die geheuespan. As die inhoud van die inligting vermeerder, sal die hoeveelheid inligting wat onthou word ook vermeerder. Die groepering van inligting in 'n eenheid verbeter hoe ouer die kind word.

Navorsing toon dat die prosesseringspoed ook toeneem gedurende die middelkinderjare. Die itemherkenningstempo neem ook toe, hoe ouer die kind word en sodoende word meer items herken. Die M-ruimte is die maksimum getal skemas wat 'n persoon gelyktydig kan aktiveer tydens inligtingverwerking. Die kind se M-ruimte se kapasiteit is omtrent twee keer minder as die geheuespan. Korttermyngeheue is baie aangewese op herhaling; daarom is dit belangrik om tydens die middelkinderjare baie herhaling en hersiening van ou en nuwe werk te doen (Seifert et al., 1991:420; Woolfolk, 1990:237-238; Atkinson et al., 1985:248; Kruger et al., 1996:149; Mussen et al., 1990:315; Meadows, 1986:41; Darley et al., 1986:230).

2.4.3 Langtermyngeheue

Die langtermyngeheue se kapasiteit neem nie ook toe hoe ouer die kind word nie, soos in die geval van die korttermyngeheue nie, want sy kapasiteit is onbeperk. Die prosesseringspoed kan vinniger langtermyngeheue herwin namate die kind ouer word. Die volgende verandering ten opsigte van verbeterde geheue is soos volg:

- Geheuestrategieë word doelbewus gebruik om inligting in die langtermyngeheue te berg en om inligting weer daaruit te herwin.
- Die individu se kennisbasis word uitgebrei.
- Die kennis en bewustheid van geheue en metageheue (Lefrancois, 1993:311; Seifert et al., 1991:421; Woolfolk, 1995:238-239; Atkinson et al., 1985:254; Kruger et al., 1996:150; Mussen et al., 1990:322; Darley, et al., 1986:232).

Gevolgtrekking

Die brein bestaan uit die sensoriese geheue, korttermyn- en langtermyngeheue. Sensoriese geheue is die tydelike geheue waarmee losstaande inligting waargeneem word en die retensie is laag. Die korttermyngeheuespan neem geredelik toe. Korttermyngeheue sal verlore

gaan as dit nie herhaal word nie. Herhaling en hersiening van vorige werk is baie belangrik. Langtermyngeheue se kapasiteit is onbeperk. Dit brei die kind se kennisbasis uit en inligting kan herroep word.

2.5 EMOSIONELE ONTWIKKELING

'n Emosie kan beskryf word as 'n geïntegreerde reaksie van die totale (organisme) mens, 'n soort "staat van opgewerktheid". Die begrip beteken letterlik "handeling om opgewerk te wees". Emosies is wesenlik subjektiewe gevoelens wat deel uitmaak van die affektiewe dimensies van ervaring (Monteith et al., 1989:71; Mussen et al., 1990:411). Turner et al. (1987:253) konstateer dat die middelkinderjare gepaard gaan met groter emosionele volwassenheid. Die kind raak onafhanklik en is nie meer so hulpeloos soos in die vorige tydperk nie. Emosioneel is dié kinders meer buigbaar en kan hul dus 'n verskeidenheid gevoelens onderskei. Dit dra by dat hulle ander mense se gevoelens respekteer en verstaan en is ook in staat om hulle ware gevoelens of emosies indien nodig te verbloem (Louw, 1990:362; Louw et al., 1985:460; Mussen, 1990:410).

Die volgende emosies word nou kortliks bespreek: vrees, liefde en aggressie ten opsigte van die middelkinderjare .

Vrees

Gedurende die tydperk verminder die vrees vir liggaamlike veiligheid soos siekte, storms, beserings en dieregeluide. Talle ander vrese ontwaak, soos swak akademiese prestasie, hul ouers kan sterf, bang vir vader en so meer. Die vrees van die kind kan baie keer teruggevoer word na onaangename ervarings wat hulle self beleef het, van gelees het of op televisie gesien het (Lefrancois, 1993:360; Turner et al., 1987:253; Mussen et al., 1990:411).

Liefde

Volgens Sonnekus (1984:113-114) word seuns en meisies in die seniorprimêreskoolfase intens van mekaar bewus wat in der waarheid 'n seksuele verskynsel is. Dit is 'n romantiese bewuswording van mekaar in die geheim of fantasielewe. Hierdie bewuswording moenie onbenullig beskou word nie, want dit kan die kind se gemoedstoestand en sy skoolwerk affekteer. In hierdie lewensfase is die aanleer van gedrag, houding en maniere baie belangrik.

Liefde is 'n baie abstrakte verskynsel en baie keer kan die kind in die middelkinderjare dit nie heeltemal begryp nie. Die kind druk liefde fisiek uit deur soentjies en drukkies, maar is in hierdie stadium besig om van dit weg te beweeg na meer abstrakte uitinge van liefde. Hulle beseef dat liefde uitgedra kan word deur mededeelsaamheid, geselsies en deur aan ander se behoeftes te voldoen en nie net sy eie begeertes voorop te stel nie (Turner et al., 1987:253).

Aggressie

Gedurende die middelkinderjare maak die kind hom/haar skuldig aan direkte aggressie teen ander om doelbewus ander te beseer. Die kind wat gedurende die tydperk aggressief is, hou dikwels vol met die neiging tot by volwassenheid (Turner et al., 1987:253).

Die kind in die seniorprimêreskoolfase ondervind 'n emosionele stryd, omdat hy/sy ook nog 'n kind wil bly. Die kind in die seniorprimêreskoolfase wil graag die voorregte van grootmense geniet, byvoorbeeld laat gaan slaap, motor bestuur en grootmensklere aantrek. Daarteenoor wil hy/sy ook kind bly om daardeur baie vryheid te geniet en beperkte verantwoordelikhede te dra. Die kind in die seniorprimêreskoolfase hunker na volwassenheid, maar vrees die eise en gepaardgaande verantwoordelikheid. Die volwassene het meer ervaring en gesag as die kind, maar hierdie gesagshouding moet so toegepas word dat die kind geleidelik begelei word tot volwassenheid.

Gevolgtrekking

Die kind raak bewus van die verskillende emosies soos liefde, vrees en aggressie. Omdat die kind in die seniorprimêreskoolfase meer bewus is van emosies kan hy/sy dit beter beheer en selfs in baie gevalle verbloem of wegsteek.

2.6 SOSIALE ONTWIKKELING

Sosiale ontwikkeling is die kind se behoefte om kontak met mense te maak om sodoende sy sosiale vaardighede soos spraak en spel uit te brei (Plug *et al.*, 1979:285). 'n Dertienjarige seun het die volgende gesê: "You need someone you can tell anything to. That's why you are someone's friend." (Mussen, 1990:435.)

Die voorskoolse kind tree baie egosentries op, "alles is tot homself gerig". Die kind in die voorskoolse tydperk besef nie dat ander kinders en mense ook behoeftes of gevoelens het waarvolgens hulle handel nie. In die middelkinderjare verander die egosentrisme tot sensitiwiteit vir ander mense of kinders se gevoelens. Die kind in hierdie stadium word bewus dat hulle gedrag ook deur ander mense of kinders waargeneem word, en dat sekere afleidings gemaak word. Hierdie besef maak dat hulle byvoorbeeld vir die ma werkies sal doen as hulle vir haar 'n guns vra of wil vra. Die kind is op hierdie stadium redelik goed toegerus vir die moontlike eise wat die sosiale lewe aan hom gaan stel (Lefrancois, 1993:335, 339; Louw, 1990:376, 377; Turner *et al.*, 1987:240).

Dit is baie belangrik dat die kind in hierdie stadium vriende het, want die meeste kinders wat gedragsprobleme toon, het nie juis vriende nie, of het probleme met vriendskapsverhoudings. Vriende help baie om die egosentrisme van die vorige stadium te oorkom. Gedurende die middelkinderjare vereenselwig die kind hom meer met kinders van sy eie ouderdomsgroep en geslag. Die kind kies vriende en beëindig die verhouding na willekeur (Seifert *et al.*, 1991:474). In hierdie stadium is die kind ook geneig om vriende te

"koop", of tree op as hanswors om deur die portuurgroep aanvaar te word (Louw, 1990:284; Sonnekus, 1984:113).

'n Dertienjarige het die volgende gesê: "You don't really pick your friends, it just grows on you." (Mussen, 1990:438.)

Volgens Louw (1990:378) speel enige kind wat wil saam en die aard van die spel word deur die ingewing van die oomblik bepaal. Later in die middelkinderjare is daar groter samehorigheid binne die portuurgroepe. Dit kan 'n voordelige sowel as nadelige invloed op die kind hê. Die kind kan die verlangde selfstandigheid en onafhanklikheid ontwikkel, of oormatige gehegtheid aan die groep kan veroorsaak dat die kind negatief beïnvloed word wat nadelig is vir die kind (Seifert et al., 1991:474; Lefrancois, 1993:346; Turner et al., 1987:261).

Die kind in die seniorprimêreskoolfase beweeg weg van egosentriese gedrag. Die kind beseft dat ander kinders ook deel uitmaak van sy leefwêreld. Hy/sy neig meer na die gesegde: "'n Mens is 'n mens deur 'n ander mens."

2.7 SEDELIKE ONTWIKELING

Sedelike ontwikkeling is 'n belangrike komponent van die totale ontwikkeling en hou verband met die konatiewe of wilslewe van die mens. Dit dui op die geleidelike totstandkoming van 'n bewuste kennis waarvolgens goed en kwaad geëvalueer word en waarvolgens bewuste keuses gemaak word (Monteith et al., 1987:151).

Sedelike ontwikkeling is 'n proses waardeur kinders beginsels aanleer wat as riglyn dien wanneer hulle moet beoordeel of hul gedrag reg of verkeerd is. Volgens Piaget soos dit in Louw (1990:358) gevind word, verkeer die kind in die middelkinderjare in 'n fase van heteronome moraliteit. Die kind beskou nou reëls as onveranderbaar en heilig. Die reëls word ook gesien as verlengstukke van hoër outoriteite soos deur die ouer en God. Die reëls dien as riglyne vir aanvaarbare gedrag. Die kind glo ook dat daar strafmaatreëls moet wees

wanneer die wet of reëls oortree word. Die kind openbaar nou groter morele buigsaamheid en besef dat die reëls gemaak is deur die mens wat ook foute kan maak. Daar is twee fases moraliteit (Mussen et al., 1990:447).

In die eerste fase is die kind rigied en reëlsgebonde. Die kind sal byvoorbeeld nie toegee indien 'n oortreding begaan is nie. Die spoedgrens wat oortree is op pad hospitaal toe met 'n baie siek persoon is volgens wet verkeerd en dit moet gestraf word (Mussen et al., 1990:447).

In die tweede fase besef die kind dat sosiale reëls en reëls vir spele as riglyne gemaak is en wel verander kan word wanneer konsensus daaroor bereik is. Die kind is ryper en sy moraliteit ook meer buigsaam. Indien die spoedgrens oortree is om die siek persoon hospitaal toe te neem, sal daar nou toegeefliker opgetree word teenoor die omstandighede as wat voorheen die geval was. Die kind sal nou vra of die oortreder nie vrygespreek kan word nie, aangesien daar tog 'n grondige rede is waarom die spoedgrens oorsky was (Turner et al., 1987:268; Seifert et al., 1991:445; Mussen, 1990:447).

Die kind moet besef dat sedelike selfstandige besluite nie net geneem moet word nie, maar dat daarvolgens gehandel moet word. Na die volvoering van die handeling sal daar vryheid tot sedelike besluitvorming aan die kind toegeken word. Die kind gaan in 'n meerdere mate tot eie selfbeheersing oor en daarmee word selfverantwoordelikheid getoon. Die ouers en onderwysers moet die besef en inhoud van verantwoordelikheid aan die kind oordra, omdat die kind nie gebore word met kennis van verantwoordelikheid nie, maar dit wel kan aanleer (Sonnekus, 1984:13).

Gevolgtrekking

Die kind aanvaar verantwoordelikheid vir sy eie doen en late. Hy het dus 'n gewete. Sedelike ontwikkeling is 'n goeie anker in die kind se lewe. Dit vestig die besef dat daar 'n Hoërhand is in wie die mens sy swakke hand te enigertyd kan plaas. 'n Sterk geloof verskaf sekuriteit en vertrouwe aan die kind.

2.8 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Freud voer aan dat die middelkinderjare die latente periode is, en Erikson beskou die middelkinderjare as 'n stadium van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Gedurende die middelkinderjare ontwikkel die kind se selfkonsep baie vinnig (Woolfolk, 1995:74).

Die kind beskryf vaardighede nou in terme van hoe goed 'n aktiwiteit gedoen kan word. Vroeër sou hy/sy gesê het: "Ek kan fietsry" en sou goed genoeg wees. Nou sal daar gepraat word in terme van: "Ek kan baie goed fietsry." Die vermoë om akkuraat te beoordeel, ontwikkel nou goed. Die selfbeoordeling korreleer nou hoog en dui op die van maats en onderwysers (Seifert et al., 1991:458; Louw, 1990:38; Mussen et al., 1990:431-433).

Die kind se selfkennis is nie net gebaseer op prestasies nie, maar ook op behoefte aan vriendskap en die verwagtinge wat ander mense aan die kind stel. Selfkonsep word beïnvloed deur die regulering van eie gedrag. Dus is dit baie belangrik dat die kind die nodige vertroue ontwikkel sodat aan eie verwagtinge asook sosiale verwagtinge voldoen kan word. Volgens navorsers soos Cole en Cole (1989:508) het kinders wat op tienjarige ouderdom hulself positief geag het, drie jaar later dieselfde selfagting getoon. Kinders met 'n hoë selfagting is ook meer onafhanklik en kreatief. Hulle presteer akademies goed, is minder selfbewus en toon meer selfvertroue. Die optrede en behandeling van ouers teenoor kinders in die middelkinderjare speel 'n baie belangrike rol, want hier word die fondament van 'n goeie of swak selfkonsep gelê. Na aanleiding van al bogenoemde feite is dit baie belangrik om die middelkinderjarige se selfkonsep so goed as moontlik op te bou (Seifert et al., 1991:458-460).

Gevolgtrekking

Die kind in die seniorprimêreskoolfase se selfkonsep ontwikkel baie vinnig. Hy beskryf aktiwiteit in terme van hoe goed 'n aktiwiteit gedoen kan word, byvoorbeeld: "Ek kan baie goed fietsry." Selfkonsep is baie belangrik vir die kind, want dit beïnvloed prestasie positief en verskaf ook baie selfvertroue.

2.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gekyk na die leerling in die seniorprimêreskoolfase, onder andere na die fisieke, kognitiewe, emosionele, sosiale, sedelike en persoonsontwikkeling. Dit is belangrik dat daar duidelik aangedui word op watter kind hierdie studie gefokus is. In hoofstuk 3 word studiehouding en faktore wat dit beïnvloed, bespreek.

Houdings word aangeleer, en dieselfde beginsels wat oor die algemeen vir die leerproses geld, geld ook vir die aanleer van houdings: Assosiasie, versterking en nabootsing (Louw, 1982:581, Kruger et al., 1996:159).

Ouers en portuurgroepe speel 'n belangrike rol by die ontwikkeling van houdings by kinders en daarom bepaal 'n persoon se houding sy/haar gedrag (Atkinson et al., 1993:733).

Kruger et al. (1996:160) voer aan dat houdings wat deur persoonlike ervarings ontstaan in die meeste gevalle baie sterker is as dié wat aangeleer is. Die volgende twee voorbeelde illustreer die stelling: A is van kleins af geleer om alle volwassenes te respekteer. B respekteer die onderwyser of volwassenes, omdat hy bang is hy sal gestraf word as hy hulle nie respekteer nie. A sal in die toekoms baie positiewer optree teenoor volwassenes as B.

3.3 HOUDINGSVERANDERING

Houdings is baie emosioneel van aard en moeilik om te verander, maar nogtans bestaan daar 'n hele paar teorieë wat daarop dui dat houding wel verander kan word (Kruger et al., 1996:161).

Deur oorreding word 'n mens daartoe beweeg om tot 'n sekere aksie oor te gaan of houding in te neem waaroor daar voorheen verskil is (Gouws et al., 1979:210).

Volgens die tradisionele benadering is kundiges en populêre persone meer effektief om houdings te verander byvoorbeeld predikante, onderwysers het 'n groot invloed op die gemeente of gemeenskap.

Mense met 'n lae selfbeeld word makliker oorreed, dit wil sê, hul houding word makliker verander, terwyl mense met 'n goeie selfbeeld weer moeiliker oorreed word en hul houding kan dus moeiliker verander word (Louw, 1982:582).

Emosionele boodskappe kan mense ook effektief van houding laat verander, byvoorbeeld Hitler se emosioneel belaaide boodskappe het baie mense se houding in sy guns verander.

Emosionele boodskappe oorreed in die algemeen baie effektief (Kruger et al., 1996:161).

Mense se houdings verander omdat boodskappe kognitief verwerk word. Hierdie belangrike gedagtes lei daartoe dat hulle houdings verander en nie die boodskap wat hulle ontvang nie (Kruger et al., 1996:162).

Kruger konstateer dat rollespel die nabootsing van houding is, dit wil sê, die een persoon boots 'n ander persoon se rol of houding na. Die toesighouer speel byvoorbeeld die rol van die werknemer (Kruger et al., 1996:165).

Tydens modellering volg kinders die houdings van hul ouers en so kan houdings verander word (Kruger et al., 1996:165, Louw, 1993:281).

3.4 STUDIEHOUDING

Volgens opvoedkundiges soos Marais (1986:3) speel studiehouding die belangrikste rol in studieoriëntasie. Studiemetodes en studiegewoontes word hoofsaaklik bepaal deur die studiehouding van die leerling. As 'n leerling deurentyd kla oor die werk wat hy moet doen, die leerinhoud as waardeloos afkraak, is hy besig om 'n negatiewe studiehouding aan te kweek. Hierdie negatiewe studiehouding sal gewis 'n swak invloed op sy skoolprestasie hê (Van Niekerk, 1984:94, Kruger & Oosthuizen, 1981:6).

'n Pessimistiese studiehouding is 'n kenmerk van 'n swak studiegesindheid, maar andersins is 'n ooroptimistiese houding net so gevaarlik, want dit veroorsaak uiteindelik teleurstellings. Dit is dus belangrik dat die leerling bewus moet wees van sy vermoëns en tekortkominge om sodoende sy talente planmatig in te span en daarmee vasberadenheid en deursettingsvermoë aan te kweek (Van Niekerk, 1984:94).

Kruger et al. (1981:1) beskryf die belangrikheid van deursettingsvermoë soos volg:

"Studie is soos om te roei. As jy ophou roei, bly jy nie staan waar jy is nie, jy begin terugdryf. Om vooruit te kom, moet daar sterk en aanhoudend geroei word."

'n Positiewe houding teenoor studie is onontbeerlik in studiesukses. Die leerling moet vol selfvertroue en hoopvol wees dat hy wel eendag dit sal bereik waaroor hy droom. Studie moet as 'n belegging gesien word wat lewenslank goeie dividende oplewer. Die leerling moet altyd probeer om sy posisie te verbeter ten opsigte van prestasie. Hy moet eendag as hy volwasse is sy volle aandeel aan die lewe kan gee. Volgens hierdie standpunt is daar nie juis 'n einde aan studie nie. Soos die ou spreekwoord lui, "'n mens is nooit te oud of jonk om te leer nie". In studies is daar mylpale, tussenbestemmings, hoogtepunte en laagtepunte, maar daar is altyd nog iets om te leer. Hoe meer 'n mens met genot leer hoe makliker word dit om te leer (Kruger et al. 1981:2, Lamprecht, 1993:40).

Opvoedkundiges en sielkundiges het in die jongste tyd gevind dat studie 'n samestelling van vaardighede behels wat aangeleer kan word. Dit plaas studie dus binne die bereik van elke persoon om ten volle te ontwikkel en so veel as moontlik kennis op te doen. "Die geloof en selfvertroue van 'n baba wat begin loop, kan vir elke leerling as inspirasie dien." (Kruger et al. 1981:2.)

Studiehouding is die gesindheid wat die leerling toon teenoor studie. As die studiehouding positief is, sal die prestasie goed wees. As die studiehouding negatief is, sal prestasie swak wees. Om 'n positiewe studiehouding te verseker, moet die kind in die seniorprimêreskoolfase baie belangstelling toon in die skoolwerk en dit geniet om te leer, want sodoende word daar nuwe kennis en vaardighede aangeleer wat suksesvolle leer tot gevolg het.

3.4.1 Studiegewoontes

Om doeltreffend te studeer, moet 'n leerling onder andere oor effektiewe studiegewoontes beskik (Marais, 1986:10).

Studiegewoontes dui op 'n gevestigde neiging wat deur herhaalde handeling aangeleer is. Die handeling raak tweede natuur en die leerling verrig dit later onwillekeurig. Studiegewoontes kan positief of negatief wees. Die leerling wat oor positiewe studiegewoontes beskik, leer met verantwoordelikheid en presteer goed. Die leerling in die seniorprimêreskoolfase is in die stadium waar hy die ontvanklikste is vir leer.

Van die belangrikste aspekte wat met studiegewoontes verband hou, is onder meer die plek en wanneer daar studeer word, oordeelkundige studiebeplanning, 'n ontleding van die skoolvakke, die sluit van 'n vennootskap met onderwysers, goeie klaskamergewoontes, luister in die klas, nuttige en bruikbare klasaantekeninge, goeie leesgewoontes, konsentrasie, die gebruik van 'n goeie woordeboek, korrekte spelling, om te onthou (geheue) en die vorming van assosiasies (Marais, 1986:10-32).

3.4.2 Studiemetodes

As daar nou een saak is waaroor daar al baie geskryf is, dan is dit studiemetodes. Tog is daar waarskynlik min sake waarmee die meeste leerlinge soveel probleme ondervind as met hulle studiegewoontes. In verskillende ondersoeke en navrae het leerlinge aangedui dat dit die belangrikste faktor is waarmee hulle in die akademiese situasie probleme ondervind (Marais, 1986:33).

Studiemetodes dui op die vaste weldeurdragte wyse waarop 'n leerling te werk gaan om 'n bepaalde studiedoel te bereik. Die studie- of leermetode gee 'n aanduiding van die leerling se bekwaamheid om studieopdragte uit te voer; hoe hy sy studieopdragte op die doeltreffendste wyse doen en voltooi. In studiemetodes word daar onderskei tussen studievaardighede en studietegnieke.

Die term studiemetode word gebruik vir die wyse waarop 'n persoon studeer, die volgorde waarin studietegnieke aangewend word en die wyse waarop die studievaardighede ingespan word (Marais, 1986:33).

3.4.3 Studietegnieke

Dit dui op 'n vaardigheid wat nodig is vir die verrigting van suksesvolle leer (Jacobs, 1986:29).

Volgens Jacobs het navorsers bevind dat daar 'n verband is tussen leerlinge se studieprestasie en die studietegnieke wat hulle gebruik. Talle navorsers het ook verder bevind dat daar nie 'n kitsklaar of absolute tegniek vir leer bestaan nie. Heelwat navorsing is oor studietegnieke gedoen en daar is baie boeke en artikels met belangrike wenke, riglyne en aanbevelings oor studietegnieke beskikbaar. Die leerling kan wel die gegewens nuttig in sy leerwerk gebruik. Dit bly steeds elke leerling se verantwoordelikheid om vir hom/haar 'n studietegniek uit te werk en studiegewoontes aan te leer wat by sy eie persoonlike aard en studieomstandighede pas (Jooste, 1988:31).

3.5 FAKTORE WAT STUDIEHOUDING BEÏNVLOED

3.5.1 Oriëntering

Leer- of studiehouding word deur verskillende faktore beïnvloed. Vervolgens is daar gefokus op 'n aantal van hierdie faktore, naamlik taal, stres, selfbeeld, erflikheid en omgewing.

3.5.2 Taal

Dit is bekend dat taalontwikkeling gedurende die middelkinderjare stadiger verloop as gedurende die kleutertydperk. Nieteenstaande vind daar steeds belangrike taalontwikkelinge plaas. Die lengte en kompleksiteit van sinne en woorde brei uit en grammatikale vorme verbeter en word volkome bemeester. Namate die kind ouer word, begryp hy die abstrakte betekenis van woorde en beeldspraak en eksperimenteer daarmee (Seifert *et al.*, 1991:435, Turner *et al.*, 1987:244-245, Louw, 1990:351).

Taal is belangrik gedurende die middelkinderjare. Dit is 'n manier om te kommunikeer en gevoelens uit te druk. Die kind begryp en waardeer taal en

poësie en eksperimenteer daarmee. Die kind met 'n taalagterstand loop gevaar om op akademiese gebied te sukkel.

3.5.3 Stres

3.5.3.1 Oriëntering

Die kind in die seniorprimêreskoolfase ondervind ook baie keer stres. Hierdie stres word veroorsaak deur emosionele en gedragsprobleme asook soms sielkundige probleme (Kurten, 1989:9).

In die fisiese wetenskappe word na stres verwys as 'n afwyking wat die liggaamskragte verwring of afbreek. Die sielkundige wetenskappe verklaar stres as 'n nieliggaamlike krag wat inwerk op 'n individu en 'n negatiewe verandering teweegbring (Kruger et al., 1996:86, Remsberg et al., 1984:13, Atkinson et al., 1985:459).

So is stres vir Warrick (1981) die mens se geestelike, emosionele, fisieke en gedragsreaksie op angsproduserende gebeure, terwyl Reed (1981) dit beskou as die respons op iets wat met die persoon gebeur na twyfel, paradoks en onsekerheid.

Kinders kan stres ontwikkel as gevolg van oorklading met verantwoordelikheid. Daar is verskillende vorme van oorklading byvoorbeeld verantwoordelikheds- veranderings- emosionele en inligtingsoorklading, en so meer.

Volgens Booth (1988:53) kan die verskillende soorte oorklading soos volg toegelig word.

3.5.3.2 Verantwoordelikheidsoorklading

Hedendaags word baie kinders in die middelkinderjare oorlaai met verantwoordelikheid omdat die ouers albei werk. Die kind moet dan omsien na die jonger kinders, die huis skoon maak, kos kook, wasgoed was en selfs inkopies doen. Die kind moet al die verantwoordelikheid nakom want die ma kan dit nie doen nie omdat sy voltyds werk. Die kind moet dus die

plek van die ma en die huishulp wat hulle nie kan bekostig nie, volstaan. Hierdie oorlading met verantwoordelikheid veroorsaak stres by die kind omdat hy/sy te jonk is om dit te verwerk (Lefrancois, 1993:369).

3.5.3.3 Veranderingsoorlading

Veranderingoorlading word veral ondervind waar die ouers trekarbeid verrig. Die kind moet dus periodiek van plek, huis en skool verander soos die vader verplaas word deur sy werksomstandighede. Dit veroorsaak verwarring en spanning by die kind. Sodra die kind net aangepas het by 'n plek, huis en skool dan moet hy na 'n nuwe omgewing verhuis. Hier moet hy nou weer van nuuts af aanpas. Hierdie herhaalde aanpassings veroorsaak spanning en stres wat die kind in die seniorprimêreskoolfase nie kan hanteer nie.

3.5.3.4 Emosionele oorlading

Emosionele oorlading vind plaas wanneer die kind blootgestel word aan emosionele uitbarstings of oorlading. Dit is situasies waarvoor hy geen beheer het nie, maar tog 'n direkte invloed of impak op hom het. 'n Goeie voorbeeld is waar die ouers gedurig stry en baklei en hy/sy ontwikkel later 'n skuldgevoel dat hy/sy die oorsaak van die rusies is. Hierdie skuldgevoel veroorsaak stres en spanning by die middelkinderjarige wat hy nie kan verwerk nie.

3.5.3.5 Inligtingsoorlading

Die ouers, skool en gemeenskap verwag besondere goeie prestasie van die kind sonder om sy potensiaal in aanmerking te neem. Dit plaas hom onder geweldige druk en veroorsaak stres en spanning. Die kind word aan te veel inligting deur middel van televisie en die skool blootgestel, in so 'n mate dat dit hom oorweldig en stres veroorsaak (Lefrancois, 1993:369).

Hierdie inligtingsoorlading veroorsaak dat die kind baie gouer moet "groeï" as wat hy normaalweg sou groei. Die kind word in werklikheid "ryp" gedruk. Sielkundiges kan wenke gee om stres by die kind in die

seniorprimêreskoolfase te verminder, asook behandeling indien die kind dit benodig. Alle veranderinge in die mens se lewe veroorsaak stres en spanning. Sommige kinders kan die stres hanteer en verwerk, maar vir ander word dit te veel en hulle bereik dan 'n breekpunt wat uitloop op 'n senuwee-instorting, of soos die psigologiewoordeboek dit vervolgens verklaar: 'n akute versteuring wat 'n persoon se normale funksionering belemmer en wat in baie gevalle hospitalisering vereis (Lefrancois, 1993:369, Gouws et al., 1979:273).

Stres is 'n afwyking wat die liggaamskragte uitmergel. Stres het 'n negatiewe uitwerking op 'n individu, omdat dit so 'n veeleisende uitwerking op die menslike liggaam het.

3.6 SELFBEELD

Die leerling met 'n swak selfbeeld ervaar 'n gevoel van ontoereikendheid, oormatige afhanklikheid en ontoepaslike vrees. Hy het ook dikwels 'n versteurde houding met sy portuurgroep. Baie keer steur hy hom nie aan reëls nie, ontwrig die klas en tree aggressief op (Meij, 1993:14, Lamprecht, 1993:20, Remsberg et al., 1984:127).

Volgens Schultz soos dit in Kurten (1989:12) gevind word, ontwikkel 'n swak selfbeeld wanneer daar vertwyfeling is by die leerling oor sekere vrae soos: wie is ek? Waartoe is ek in staat? Wat word van my verwag? Wat is die doel van die lewe?

Pretorius (1988:26) en Kurten (1989:11) beweer dat leerlinge met 'n negatiewe selfbeeld baie gevoelig is vir enige kritiek. Dat dié leerlinge maklik beïnvloed kan word en baie min selfvertroue het. Hulle is ook geneig om hulself te blameer vir alles wat verkeerd loop. Na aanleiding van genoemde probleme wat leerlinge met 'n swak selfbeeld ervaar, is dit duidelik dat die selfbeeld verbeter moet word (Remsberg et al., 1984:127).

'n Mens se selfbeeld is iets wat van binne af reggemaak moet word. Die persoon wie sy selfbeeld wil verander, moet vir homself elke dag visualiseer of indink in die situasie wat hy begeer. Hy moet 'n doel voor oë stel. Hy kan dagdroom oor die posisie asof hy alreeds sy doelstelling bereik het en sodoende sy selfvertroue verbeter. As hy gekomplimenteer word, moet hy dit ter harte neem en nie maak asof dit niks is nie, sodoende kan hy besef dat hy baie meer werd is as wat hy self dink hy is (Gibson et al., 1989:42).

Maslow beklemtoon dat 'n mens oor twee sterk magte beskik, naamlik 'n oorlewingsbehoefte en selfaktualiseringsbehoefte. As die behoeftes daaglik vervul word, kan dit die selfbeeld positief beïnvloed. Jy moet goed kan waarneem sodat jy kan besef in watter situasies ander mense hulle bevind en hoe hulle dit hanteer. Jy moet 'n krisis kan hanteer en nie onnodig paniekerig raak nie. Jy moet selfgedetermineerd wees en die volgende ou gesegde op jouself kan toepas:

"No man is my master, and I am master of none." Wees altyd bereidwillig om te leer (Pretorius, 1988:88, Remsberg, 1984:128).

Gibson et al. (1989:42) beklemtoon ook dat dit baie help om 'n lys te maak van jou positiewe eienskappe. Herhaal hierdie eienskappe of gedagtes daaglik vir jouself net voor jy aan die slaap raak. Sodra die persoon agterkom dat hy/sy negatiewe gedagtes omtrent hom/haarself het, moet hy/sy dit dadelik in positiewe gedagtes omskep. Deur voortdurend en herhaaldelik positiewe idees oor hom/haarself na sy/haar brein deur te stuur, sal die persoon mettertyd 'n beter selfbeeld ontwikkel en sodoende sy/haar skoolwerk en lewe meer positief benader.

Positiewe idees soos die volgende sal goeie vrugte afwerp:

"Ek het die potensiaal om suksesvol te wees."

"Ek sal volgende keer beter presteer."

"Eksamens is 'n uitdaging wat ek kan hanteer."

As 'n mens dink dat jy suksesvol is, sal jy dit vanselfsprekend word. "Weet jy is suksesvol en jy sal sukses behaal." (Gibson et al., 1989:42, Remsberg, 1984:132-133).

Selfbeeld is dus belangrik vir die seniorprimêreskoolkind. In hierdie stadium van die fisieke ontwikkeling ontstaan daar baie onsekerhede. Die kind met 'n goeie selfbeeld sal al die veranderinge met selfvertroue tegemoet gaan. Die kind moet 'n doel in die lewe hê wat ten alle koste verwesenlik kan word.

3.7 OMGEWING

3.7.1 Oriëntering

Die skool is die verlengstuk van die gesin. Die skool is net baie meer formeel as die huis se opvoeding. Onderrig, hetsy by die huis of by die skool, is gemik om die kind te begelei sodat die kind self kan oorgaan om selfstandig te leer. Die begeleiding is om die kind te help, te steun en te onderskraag in die leerproses. Die kind is nou in die stadium waarin die behoefte ontstaan waar hy graag self wil leer. Die leerfondament sal later die kind se suksesvolle leer bepaal. Die gevoelsklimaat of atmosfeer in die huis is baie belangrik tydens die ontwikkeling van die kind (Sonnekus, 1986:29).

3.7.2 Die huis

Die grondslag van opvoeding word in die huisgesin gelê. Dit is informeel maar baie belangrik, want die skool moet later net voortbou op die bestaande opvoeding. Die ordinale posisie van die kind in die gesin is ook baie belangrik. Die oudste en jongste kinders kry die meeste aandag. Die middelkinders voel baie afgeskeep en verwerp. Die huis is die plek waar die kind die meeste sekuriteit ontvang en die gesin is die spil waarom alles draai. Die kind in die seniorprimêreskoolfase wil meer insette lewer in die normale verloop van die gesin (Louw et al., 1993:99).

Die ouers moet ten alle koste sorg dat al die kinders dieselfde hoeveelheid en kwaliteit aandag ontvang.

3.7.3 Die skool

Die skool sit die opvoeding van die huis op 'n meer formele manier as by die huis voort. Die onderwyser speel 'n belangrike rol in die lewe van die kind. Die kind wat selfvertroue het en onafhanklik is, sal makliker by die skool as veranderde omgewing aanpas. Waar daar meer as een kind in die gesin is, is die onderwyser en skool nie so vreemd vir die kinders wat na die oudste skool toe gaan nie. Die onderwyser speel en oefen 'n belangrike rol op alle fasette van die kind se ontwikkeling uit. Die kind leer sosiale vaardighede aan en sy leefwêreld word verbreed by die skool. Die onderwyser tree dikwels op as raadgewer vir huislike of persoonlike probleme (Louw et al., 1993:553). Die kind moet die onderwyser respekteer en vertrou en indien daar probleme is moet dit onder die onderwyser se aandag gebring word sodat dit geïdentifiseer en oplossings gevind kan word (Louw et al., 1993:553; Sonnekus, 1986:111).

Volgens Steyn (1985:79) omskryf Corte et al. (1974:153) 'n onderrigleergeleentheid as 'n didaktiese werkwyse waar die onderrighandeling van die onderwyser gerig is op 'n bepaalde leeraktiwiteit van leerlinge om gestelde doelwitte of doelstellings te verwesenlik. Om dit eenvoudig te stel, is die onderwyser besig om 'n sekere plan van onderrig uit te voer sodat daar doeltreffende geleenthede geskep word waartydens die leerling kan leer. Coetzee et al. (1985:45) beklemtoon dat daar die volgende toepassingsfaktore is om leer suksesvol te laat verloop:

- Die doel wat die onderwyser en leerlinge wil bereik.
- Die behoeftes wat bevredig moet word.
- Die verwydering van struikelblokke wat in die leerling se pad staan of sy leer bemoeilik.

Doeltreffende of effektiewe studiebegeleiding kan deur die onderwyser net bewerkstellig word deur goeie voorbereiding.

Die skool gaan dus verder met die opvoeding wat die kind by die huis gekry het. Die kind leer by die skool sosiale vaardighede en sy kennis word uitgebrei sodat hy probleme wat hy/sy teëkom kan identifiseer, en daarvoor oplossings probeer vind.

3.7.4 Portuurgroep

'n Dertienjarige het die volgende gesê:

"Die portuurgroep verskaf kameraadskap, naamlik iemand om mee te gesels of tyd te verdryf."

Die portuurgroep help om kennis en geslagsrolle oor te dra. Die portuurgroep gee die kind die geleentheid om onafhanklik van die ouers op te tree. Die portuurgroep bied aan die kind die geleentheid om op gelyke vlak in verhoudings mee te ding en daardeur ondervinding op te doen. (Louw et al., 1993:55.)

Studie kan soms 'n eensame aktiwiteit word. Met die inskakeling by 'n studiegroep kry die leerling die geleentheid om sy medeleerling se mening oor die studiewerk te hoor. Hierdie bespreking kan selfs die studiewerk vergemaklik. Die verskillende lede van die groep ontwikkel ook 'n gevoel van eenheid (Jacobs, 1986:42). Van Niekerk (1984:19) beklemtoon egter die feit dat al die lede van die groep deeglik voorbereid na die groepsessie moet gaan en elkeen moet 'n geskrewe lys vrae saamstel. Hy voer verder aan dat studie nie in 'n groep gedoen kan word nie, maar dat dit noodsaaklik is dat elke leerling self eers die leerinhoud moet verwerk. Die groepsessie kan jou baie nuwe idees oor die leerinhoud gee wat jy weer op jou eie kan gaan uitwerk. Hierdie werkwyse kan baie kalmte tydens toetse bewerkstellig en sodoende ook die kind se prestasies verbeter.

3.7.5 Die kerk

Die kerk speel 'n belangrike rol in die lewe van die kind in die seniorprimêreskoolfase. Die kerk, in samewerking met die huis en skool, is besig om die kind se opvoeding tot volwassenheid voort te sit. Die kerk is veral belangrik om die Christelike en morele opvoeding van die kind te vorm. Die kerk se ampsdraers moet bewus wees van die opvoedingsontwikkeling en die verloop daarvan by die kind. Die kerk verstewig die Christelike fondament van die kind en oefen sodoende 'n heilsame invloed op die kind uit.

'n Sterk godsdienstige geloof is baie belangrik vir die kind. Hy moet weet dat daar "iemand" groot en almagtig is in wie hy glo en sy vertrou kan plaas. Dit maak nie saak watter geloof die kind aanhang nie (Theron, 1985:11).

Hier is 'n voorbeeld van die Christelike geloof: Die Christenkind moet glo dat hy op die hulp van die Here kan staat maak as hy sy plig gedoen het. Prediker sê: "Sonder die Here is alles tevergeefs." Die Here beloof ook vir ons in Jesaja 41:10 die volgende: "Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie Ek is jou God. Ek versterk jou. Ek hou jou vas; met my eie hand red Ek jou." (Bybel, 1983).

Omgewing en erflikheid speel 'n belangrike rol in die kind se lewe. Die huis, skool, portuurgroep en kerk werk saam om die kind tot volwassenheid op te voed. Dit is noodsaaklik dat al bogenoemde entiteite die kind goed moet ken om aanvullend die kind se behoeftes te bevredig.

3.8 AANDAG EN KONSENTRASIE

Aandag is die respons van die leerder wat die assimilasië van inligting tot gevolg het. Aandag word ook gedefinieer as die ingesteldheid van 'n mens se sintuie op stimuli uit die omgewing. Dit maak nie saak hoe aandag gedefinieer word nie, wat wel saak maak, is dat aandag 'n voorvereiste is vir die leer van enige leerinhoud.

Konsentrasie is die vermoë om aandag so te beheer dat dit vir 'n bepaalde tydperk nie afgelei kan word nie (De Wet et al., 1981:203, Kruger et al., 1981:33).

Aandag en konsentrasie loop hand aan hand. Sonder aandag kan die kind nie konsentreer nie. Die kind se aandag moet getrek word en deur interessante en afwisselende metodes behou word. Die kind moet doelgerig leer, dan sal aandag getrek word en behoue bly, of gekonsentreer word.

3.9 MOTIVERINGSTRATEGIE

Motivering is 'n belangrike aspek wanneer daar geleer moet word. Hierdie term kan teruggevoer word tot die 17de eeu, alhoewel doelbewuste motivering eers nou in ons tyd na waarde geskat word. Christus word beskou as die Meester van motivering. Christus het skares gelok en oortuig van sy "Blye Boodskap". Vandag nog word die mens wêreldwyd deur Christus se woord gemotiveer om hom tot die Christendom te bekeer. Motivering beteken om in beweging te bring. Die kind in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe houding moet in beweging gebring word om 'n positiewe houding te kry (Lamprecht, 1993:38).

Daar word twee soorte motivering onderskei, naamlik innerlik en uiterlik.

Uiterlike motivering is alles wat van buite af inwerk soos omgewing, ouers, familie en vriende. Innerlike motivering is die belangrikste. Dit kom van binne die kind self. Dit is sy eie belangstelling ten opsigte van sy leerwerk. Die innerlik gemotiveerde leerling beskik oor die nodige wilskrag, spontane belangstelling, entoesiasme en deursettingsvermoë. Dié leerling leer doelgerig en het realistiese studiedoelwitte (Jacobs, 1986:40, De Wet et al., 1981:222, Breedt, 1990:12).

Volgens Kruger et al. (1981:8) bepaal die gehalte van die leerling se motivering die kwaliteit en kwantiteit van sy leerwerk. Leerwerk verg baie inspanning en daarom is dit belangrik dat die leerling die begeerte moet hê om graag te leer en soms onder moeilike omstandighede. Sonder sterk motivering

sal die leerling nie veel vorder nie, maar gelukkig kan swak of onvoldoende motivering deur stelselmatige en doelgerigte oefening en selfdissipline positief verander word. Dit is belangrik dat die leerling bewus gemaak moet word van die bevrediging en genot wat hy kan put uit die bemeestering van nuwe kennis en vaardighede.

3.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar 'n oorsig gegee van studiehouding en die faktore wat dit beïnvloed. Klem is gelê op die verklaring van houding, houdingsverandering en studiehouding. Daar is kortliks gefokus op studiegewoontes, -metodes en studietegnieke. Verder is faktore soos taal, stres, selfbeeld, erflikheid en omgewing wat studiehouding beïnvloed, onder die loep geneem. Die skool, kerk, portuurgroepe, aandag en konsentrasie asook motiveringstrategieë beïnvloed ook studiehouding. In hoofstuk 4 word die studiebegeleidingsprogram vir leerders met 'n negatiewe studiehouding onder die loep geneem.

moet geskied. Daar moet 'n "vriendskap" tussen die navorser en die leerder wees wat gebaseer is op algehele openheid, wedersydse empatie en vertroue (Steenkamp et al., 1981:34, Marais, 1993:29).

Dit is belangrik dat die navorser sowel as die groeplede gemotiveerd is ten opsigte van die studiebegeleidingsprogram. Motivering kan bereik word deur duidelik gestelde doelwitte by albei partye. Dit is belangrik dat die groeplede doodseker is van die belangstelling van die groepleier of navorser in die studiebegeleidingsprogram en in die groeplede se studiehouding, want dit sal beslis die akademiese prestasie van die groeplede verbeter (Steenkamp et al., 1981:34).

Die groepleier se aanbiedingsmetodes en -tegnieke speel ook 'n belangrike rol tydens die begeleidingsprogram. Die groeplede se aandag moet geprikkel word met interessante onderwysmetodes en praktiese demonstrasies. Elke groeplid moet kan aanvoel dat hy/sy belangrik is vir die groepleier en sukses kan behaal in sy/haar studies (Steenkamp et al., 1981:36), Marais, 1993:15).

Vervolgens word groepvoorligting bespreek, omdat die studiebegeleidingsprogram deur middel van groepvoorligting aangebied word.

4.3 GROEPVOORLIGTING

Volgens HAT (1984:323) is 'n groep 'n aantal persone wat gemeenskaplik aan mekaar verbind is. Volgens Marais (1993:13) val die fokus van groepwerk op die deelnemers en hul idees en ervarings. Die groepleier skep geleenthede vir die groep en elke lid van die groep bied iets nuuts vir die ander lede aan.

Volgens Smit (1980:5) is groepvoorligting die proses waardeur alle leerlinge in groepverband deur die voorligter voorgelig word deur middel van besondere metodes, werksyfes en ook sy persoonlike voorbeeld. Hiermee help die voorligter die leerlinge om nuwe kennis en ervarings te verwerf en te integreer met die uiteindelijke doel dat groei en ontwikkeling sal plaasvind wat weer sal bydra tot 'n ewewigtige persoonstruktuur.

Daar is van groepstudiebegeleiding gebruik gemaak in die program, omdat groepbesprekings die volgende voordele bied:

- Groepwerk blyk die beste resultate te lewer.
- Groepwerk verskaf selfvertroue aan die groeplede deurdat hulle leer dat die ander lede dieselfde vrese en belange beleef. Deur groepwerk kan hulle mekaar makliker leer ken, aanvaar, onderskraag en verstaan.
- Leerlinge leer makliker van mekaar en so kan leer versterk word (Marais, 1993:3).

4.3.1 Rol van die groepleier

Voor die aanvang van die groepstudiebegeleiding moet die groepleier deeglik bewus wees van die volgende riglyne:

- Die groepleier moet hulp verleen en raad gee wanneer nodig.
- Die groepleier moet riglyne kan bied en skerpsinnige vrae kan stel.
- Die groepleier is die sosialiseerder van die groep en moet te alle tye regverdig, objektief, billik, gebalanseerd, betrokke, oop en doelgerig wees (Marais, 1993:5,6,28 & 29).

4.3.2 Voorbereiding van groeplede

Die groepleier en leerders moet 'n "kontrak" sluit waarin die groeplede verklaar dat hulle hul volle samewerking sal gee. Die doelstellings moet duidelik uiteengesit word sodat die groeplede en die groepleier weet wat hulle wil bereik. Omdat die groeplede geken is in die besluit kan daar groter leerlingbetrokkenheid verwag word.

Die groepleier en groep kan saam besluit oor die volgende aspekte:

- Hoe die leerders mekaar kan help met hulle probleme;

- hoe die groepleier die groepwerk gaan bevorder sodat dit suksesvol kan wees;
- dat groeplede nie iets hoef te sê wanneer hulle nie daarvoor kans sien nie;
- dat geen groeplid se persoon aangetas mag word deur woorde of dade nie, en
- dat geen leerder krities bespreek mag word as hy nie teenwoordig is nie.

Na die kontrak voltooi is, moet daar besluit word wanneer, hoe lank en waar die studiebegeleidingsprogram sal plaasvind (Marais, 1993:13,14).

4.3.3 Tegnieke in groepleer

Tydens die aanbieding van die studiebegeleidingsprogram is van die volgende tegnieke gebruik gemaak om die program effektief en suksesvol te laat verloop:

4.3.3.1 Groepsamewerking

Groepsamewerking is 'n voorvereiste vir goeie groepwerk. Dit behels die aangetrokkenheid, empatie en groepkohesie wat groeplede onderling in die groep ervaar.

4.3.3.2 Bespreking

Bespreking is baie effektief as dit met duidelike riglyne en strukture toegepas word. Die ervare groep kan baie beter besprekings voer, terwyl die onervare groep meer riglyne en leiding sal benodig. Elke lid in die groep moet sy mening lug waarna 'n bespreking volg. Kleiner groepe moet aan die groter groep rapporteer.

4.3.3.3 Wense

Met die laaste sessie word die leerders aangemoedig om mekaar goeie wense toe te wens vir die toekoms asook dat hulle hul studies met nuwe geesdrif sal aanpak en dit suksesvol sal afsluit.

4.3.3.4 Ontspanning

Ontspanningsoefeninge is baie belangrik om die groeplede op hul gemak te stel. Hulle kan op 'n mat of komborsie lê en ontspan. Ontspanning word beklemtoon met die oog op selfbeloning.

4.3.3.5 Rollespel

Interpersoonlike vaardighede kan met behulp van rollespel ingeoefen word. Sodoende kan terugvoering ten opsigte van aangeleerde vaardighede dadelik verkry word. Rollespel is baie effektief as die groep dit agterna bespreek.

4.3.3.6 Dinkskrum

Tydens 'n dinkskrum kry die groep 'n onderwerp, 'n Vraag of 'n sin om te voltooi en op te konsentreer. Die tegniek het ten doel om soveel idees moontlik in 'n kort tyd te verkry. Daar word dan 5 tot 10 minute aan die groep toegestaan om alles oor die betrokke onderwerp te sê, terwyl een van die leerders die hoofpunte op die oorhoofse projektor of skryfbord aanteken.

4.3.3.7 Prikkeltable

Dit is nuttig wanneer daar aantekeninge oor 'n sekere onderwerp of tema gemaak word. Prikkeltable kan beskryf word as 'n groep idees wat so georden is dat dit inligting verkort om sodoende maklik vir eksamens of toetse gememoriseer te kan word.

4.3.3.8 Gonsgroepe

Gonsgroepe word gevorm nadat leerlinge vir 'n tyd onaktief was tydens 'n leessessie. Hulle word in groepe verdeel en moet vir ongeveer vyf minute hul menings met 'n maat bespreek. Daar kan ook groepe van drie tot vier gevorm word - elke groep met 'n leier. Elke groep se leier gee dan 'n kort verslag aan die hele groep (Marais, 1993:18-19, Fraser et al., 1990:77).

4.3.3.9 Vertroueskepping

Groeplede staan in 'n sirkel. Een lid staan in die middel met sy oë gesluit. Die middelste lid word heen en weer deur die groeplede in die sirkel gestoot sodat die groeplede in die sirkel die middelste lid keer sodat hy nie val nie. Hiermee word daar vertroue in mekaar ontwikkel en bevestig (Marais, 1993:18-19, Fraser et al., 1990:77).

4.4 STUDIEBEGELEIDINGSPROGRAM

Die studiebegeleidingsprogram wat in hierdie projek gevolg is, het soos volg verloop:

Die program is in tien sessies verdeel oor 'n tydperk van ses maande. Die studiebegeleidingsprogram is na skool in die klaskamer op Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae aangebied. Die sessies het elk ongeveer een uur geduur. Die groeplede se ouers het mondeling toestemming gegee vir die deelname aan die studiebegeleidingsprogram. Vraelyste oor studiegewoontes, -houdings en studiemetodes is voltooi as voortoetsing.

Daarna is die doelstellings van die studiebegeleidingsprogram uiteengesit.

Verder is daar op studiehouding en selfbeeld; studiegewoontes, -houdings en studiemetodes; fasette van die geheue, aandag, konsentrasie en motivering; werkprogram en studierooster; luister en doeltreffende lees; memorisering deur herhaling en eselbruggies; opsommings en onderstreping en voorbereiding vir die eksamen gefokus.

4.4.1 Eerste sessie

Doelstellings van begeleidingsprogram

Elke lid moes kortliks meedeel wie hy/sy is, hoe die gesin saamgestel is en waar hulle woon en wat die rede vir sy/haar deelname aan die groep is.

Daarna is die studiebegeleidingsprogram verduidelik.

Tydens die eerste sessie, 'n ysbreker, is die lede aan mekaar voorgestel en die studiebegeleidingsprogram is bespreek. Die groeplede se tye en datums vir die verskillende sessies is bepaal. Daar is 'n oorsig oor die program gegee en die groeplede is gerus gestel dat dit genotvol en leersaam gaan wees.

Doelstellings

Die doel van die program, naamlik "studiebegeleiding vir leerlinge in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding om houding positief te beïnvloed", is goed aan die groeplede verduidelik. Die aanbieder is beskikbaar om te help en die leerder moet ontvanklik wees vir leer.

Tydens die eerste sessie is die vraelyste oor studiegewoontes, -houding en studiemetodes deur die groeplede voltooi.

Die doel van die sessie is onder andere:

- om kennis te verwerf,
- om kennis te verwerk,
- om kennis weer te gee,
- om kennis te ontdek en hoe dit toegepas word, en
- hoe die kennis geëvalueer word.

Tegnieke

"Vertroueskepping" is gebruik sodat die groeplede mekaar kan leer ken en groepkohesie kan ontwikkel (vgl. 4.3.3.9).

Gonsgroepe - Na die bespreking kan die lede vir vyf minute hul mening met 'n maat bespreek (vgl. 4.3.3.8).

Groeplede is gevra om 'n klein spieëltjie saam te bring vir die tweede sessie. Die groeplede het na 'n uur verdaag.

4.4.2 Tweede sessie

Studiehouding en selfbeeld

Die verloop van sessie een word kortliks bespreek. Die doel van die studiebegeleiding is baie belangrik om die leerlinge met 'n negatiewe studiehouding positief te beïnvloed.

Doelstellings

Die doel met die tweede sessie is om die belangrikheid van studiehouding en selfbeeld te beklemtoon.

Tegnieke

Die navorser laat die groeplede in die spieëltjie kyk wat hulle saamgebring het, en dan moet hulle die volgende vrae aan hulself vra en beantwoord:

Wie is ek?

Waartoe is ek in staat?

Wat word van my verwag?

Wat is die doel van die lewe?

Tegnieke

Hulle kry dan elkeen 'n skoon blaai en trek twee kolomme.

Eerste kolom

Tweede kolom

Dit wat ek wil verander

Nuwe gedagtes

My huiswerk.

Ek wil my huiswerk gereeld en sonder uitstel doen.

Die drie stellings moet groeplede neerskryf en vir hulself hardop sê:

"Ek het die potensiaal om suksesvol te wees."

"Ek sal volgende keer beter presteer."

"Ek is suksesvol."

Sodra die groeplede negatiewe gedagtes van hom/haarself kry, moet bogenoemde stelling hardop gesê word (Gibson et al., 1989:42).

Rollespel demonstreer houdings van iemand wat lief is vir leer en dié van iemand wat nie van leer hou nie (vgl. bespreking soos in 4.3.3.2.).

Gonsgroepe soos dit in 4.3.3.8 bespreek is, word gevorm.

Aan die groeplede word die volgende wenke vir 'n goeie studiehouding gegee:

- Toon baie belangstelling in jou skoolwerk.
- Geniet dit om te leer, want jy verwerf nuwe kennis en vaardighede.
- Maak seker dat jy goed verstaan waarom jy in die skool jou beste moet lewer, byvoorbeeld om jou toetse en die jaar se eksamen te slaag om sodoende na 'n nuwe standaard oor te gaan. Wanneer jy eendag klaar is met skool jou verder goed te kwalifiseer vir die werk wat jy graag wil doen.

- Lees gereeld die skoolhandboeke, want dit verskaf baie inligting en kennis.
- Vra jou onderwyser as jy nie iets verstaan nie of as jy iets wil weet.
- Praat met jou onderwyser oor wat jy eendag wil word.
- Beskou 'n toets of eksamen as 'n middel om self ook vas te stel of jy doelmatig voorberei het (Jacobs, 1986:30, Jooste, 1988:68, Kruger et al., 1981:20-21, Gibson et al., 1989:44).

Die groeplede het na 'n uur verdaag.

4.4.3 Derde sessie

Studiegewoontes, -metodes en motivering

Die verloop van sessie twee word kortliks bespreek en klem is gelê op studiehouding en selfbeeld. Die belangrikheid van 'n positiewe studiehouding en selfbeeld vir effektiewe leer is ook beklemtoon.

Doelstellings

Die doel van die derde sessie, naamlik die bemeestering van studiegewoontes en -metodes in die algemeen is bespreek.

Spesifieke doelstellings

Om elke groeplid positiewe studiegewoontes aan te leer, sodat hy/sy met verantwoordelikheid presteer en ook gemotiveerd kan wees.

Om met 'n doel voor oë te leer en die besef dat jy vir jouself leer.

Om te leer om toetse te slaag.

Tegnieke

Wys 'n prentjie met 'n leerder wat skuins lê en 'n ander leerder wat regop sit.

Studiemetodes is die wyse waarop daar gestudeer word. Dit verskil van persoon tot persoon.

Vorm twee groepe.

Bespreek die prente in die vorm van dinkskrum met die klem op goeie studiegewoontes, goeie studiemetodes en sterk motivering (Gibson 1989:35).

Gee aan die groeplede die volgende wenke om goeie studiegewoontes aan te leer:

- Leer met 'n doel voor oë en besef dat jy vir jouself leer en nie vir jou ouers of onderwyser nie. Daarom moet jy dit tot die beste van jou vermoë doen.
- Leer om jou toetse en eksamens te slaag sodat jy jou skoolloopbaan kan voltooi.
- Leer om jou goed te kwalifiseer vir die werk wat jy eendag wil doen.
- Doen jou huiswerk gereeld en op 'n beplande manier.
- Moenie voor 'n oop venster of deur leer nie.
- Leer op 'n regop stoel en nie op 'n gemakstoel nie.
- Leer gereeld en geniet leer, want dit is die sleutel tot 'n suksesvolle toekoms (Pintrich, 1989:126).

Die volgende aspekte van leer moet altyd onthou word:

Studie of leer is soos om te roei. As jy ophou roei, bly jy nie staan waar jy is nie, jy begin terugdryf. Om vooruit te kom, moet daar sterk en aanhoudend geroei word.

Die leerlinge moet altyd onthou: Om vooruit te kom, moet daar altyd sonder ophou hard geleer word.

Die sessie is na 'n uur beëindig.

4.4.4 Vierde sessie

Omgewing, taal en stres

Daar is kortliks terugverwys na sessie drie oor studiegewoontes en -metodes en watter invloed dit op leer het.

Doelstellings

Om die invloed van omgewing, taal en stres op die leerling in die seniorprimêreskoolfase vas te stel. (Die begrippe omgewing, taal en stres is eers kortliks toegelig).

Om die belangrike rol van omgewing in die kind se lewe te bepaal.

Tegnieke

Daar word van bespreking gebruik gemaak om leerlinge aan te moedig om die daaglikse probleme rondom omgewing, taal en stres te identifiseer.

Probleemsituasies word deur middel van rollespel uitgebeeld. Hierdeur kom die kind tot die besef dat ander persone ook soortgelyke probleme ondervind. Die groeplede verskaf oplossings vir die probleme. Ontspanningsoefeninge is baie belangrik om die leerders op hul gemak te plaas soos dit in 4.3.3.4 aangedui is.

Die groep het na afloop van die sessie verdaag.

4.4.5 Vyfde sessie

Fasette van die geheue, aandag en konsentrasie

Die vorige sessie se werk oor omgewing, taal en stres word hersien. Die leerders kry geleentheid om te bevestig dat die faktore wat bespreek is wel 'n invloed op hulle leer het.

Doelstellings

Om aan die kind te verduidelik hoe die brein of geheue werk om dit sodoende optimaal te benut.

Om aandag tydens die sessie aan geheue, aandag en konsentrasie te gee.

Tegnieke

Die geheue bestaan uit drie komponente, naamlik die sensoriese, korttermyn- en langtermyngeheue.

Toon eers transparant oor die sensoriese geheue. Dit word ongeveer vyftien sekondes onthou.

Sifting van waarneming vind dan plaas.

'n Transparant wat handel oor die korttermyngeheue, byvoorbeeld telefoonnommers word getoon. As jy dit in die telefoongids nageslaan het, vergeet jy dit nadat jy geskakel het.

Die volgende transparant handel oor die langtermyngeheue. As 'n persoon weet dat 'n telefoonnommer weer gebruik gaan word, sal goed daarna gekyk word sodat daardie nommer onthou kan word. Dit is 'n voorbeeld van herhaling. Hoe meer ander gedagtes uit die bewussyn verwyder kan word, hoe beter is die konsentrasie.

'n Prikkel tabel oor media is gemaak.

Maak 'n kring in die middel en skryf dan die woord "media".

Waaruit bestaan media? Skryf dan die onderskeie soorte media neer, byvoorbeeld koerante, boeke, radio, tydskrifte en televisie.

Vervolgens word elke onderskeie soort geneem en die komponente daarvan word genoem, byvoorbeeld die radio bied nuus, musiek, drama, sport, weervoorspelling en onderhoude. Gebruik verskillende kleure by elke benoeming.

Hierna volg 'n dinkskrum soos dit in 4.3.3.6 aangedui is, asook ontspanningsoefeninge soos dit in 4.3.3.4 uiteengesit is.

Die groepleier fokus op die volgende riglyne vir die verkryging van aandag en die verbetering van konsentrasie by die leerlinge na aanleiding van bogenoemde tegnieke:

- Die riglyne om aandag by die leerling te verkry, is soos volg:
 - * Leerinhoud wat uniek en kompleks is, trek aandag.
 - * Nuwe leerinhoud wat 'n uitdaging is en die leerlinge se nuuskierigheid prikkel, sal aandag trek.
 - * Die leerling se belangstelling moet geprikkel word en hy moet nie weet wat om te verwag nie.
 - * Die leerlinge se aandag sal getrek en behou word deur 'n onderwyser wat entoesiasties is en lesaanbiedings afwissel, dinamiese beweging en funksionele gebare en stemtoon.
 - * Daar moet deurgaans vrae gestel word om aandag te behou, want dit skep afwagting en bevorder aandag.
 - * Gekondisioneerde stimuli bewerkstellig ook aandag, byvoorbeeld stellings wat afgewissel word tydens die les soos "stop", "luister", "nou goed" of "die volgende is belangrik".
 - * Die groepleier moet entoesiasties bly en sy fisieke optrede so afwissel dat dit nie staties bly nie, maar die fokus en aandag van groeplede op verskillende maniere in die klas trek (De Wet et al., 1981:207).
- Die volgende riglyne vir die verbetering van konsentrasie word aan die groeplede gegee:

- * Die aandag moet gerig word op die leerinhoud wat onthou moet word en die onaangename gedagtes moet uitgeskakel word.
- * Daar moet op die feit gekonsentreer word dat 'n saak twee kante het en die positiewe moet op die voorgrond gehou word.
- * Daar moet dikwels aan suksesvolle prestasies gedink word om sodoende 'n positiewe ingesteldheid op te bou.
- * Die belangrike punte waaraan aandag gegee moet word, moet geïdentifiseer word.
- * Probeer ten minste om take uit te voer al lyk dit hoe moeilik. Probeer deurentyd dink hoe dit sal voel as die taak klaar is.
- * Konsentreer op 'n doel en oefen selfbeheersing uit deur spontane reaksies te vermy (Theron, 1985:20-21, De Wet et al., 1981:210, Palmer et al., 1988:40).

Volgens Theron (1985:9) is dit lekker om te leer as jy behoorlik konsentreer. Hy beklemtoon ook die belangrikheid van die leerling se konsentrasievermoë. Dit bepaal die hoeveelheid feite wat die leerder binne 'n bepaalde tydsbestek in sy eie geheue kan stoor deur te luister in die klas en te lees en om dit later weer te kan terugroep wanneer dit benodig word.

Die sessie is na 'n uur beëindig.

4.4.6 Sesde sessie

Werkprogram en studierooster

Die vorige sessie se groepwerk oor geheue, aandag en konsentrasie word hersien.

Doelstellings

Om leerlinge te motiveer om 'n werkprogram en studierooster op te stel.

Om 'n studierooster op te stel wat buigsaam en aanpasbaar is.

Om vrae soos die volgende te stel:

Gaan ek die hele middag en aand leer?

Wat doen ek na skool?

Die studierooster en ander aktiwiteite van die dag moenie bots nie.

Tegnieke

Die voorbereidingsfase vir studie.

Hoe leerders se leerplek ingerig is en of hul tevrede is daarmee.

Bespreking soos in dit 4.3.3.2 aangedui is.

'n Studietyd van twee tot drie ure per dag word vir leer aanbeveel vir die seniorprimêre leerlinge.

Tydsindeling in die middag: Van 2 tot 3 uur word aan leer bestee, dan 'n rusperiode van 15 minute, daarna weer 'n studietyd van een uur. Van 5 tot 6 uur word aan sport bestee.

Tydsindeling saans: Ontspan tot sewe-uur, weer 'n studietyd van 7 tot 8 uur, daarna kan televisie gekyk word.

Daar moet genoeg tyd gelaat word vir ontspanning en sosiale aktiwiteite, maar leer kom eerste. Ontspan op verskillende maniere, byvoorbeeld joga, stap, strekoefeninge en meditasie (Gibson, 1989:43 & 45, Marais, 1986:15).

Leerlinge ontvang wenke oor hoe om hul leerplekke in te rig en hoe om dit effektief te benut:

- Die leerplek moet van so 'n aard wees dat dit die lus om te leer opwek en nie die gedagtes aflei van die leerwerk nie.
- Dit moet rustig en stil wees.

- Vermy die gewoonte om met musiek te leer.
- Sorg dat die studieruimte goed belig is.
- Moenie voor 'n oop venster of oop deur sit nie, want jou aandag kan maklik afgelei word deur verbygaande persone.
- Sorg dat daar nie foto's of aandenkings in die vertrek, of op die tafel is nie. Die tafel se werkoppervlakte moet so groot wees dat twee boeke oop langs mekaar kan lê, die boek waaruit jy werk en die boek waarin jy werk.
- Sit op 'n regop stoel wat nie te hoog of te laag is nie.
- Daar moet genoeg vars lug wees. Hoofpyn en mislikheid word dikwels veroorsaak deur swak ventilasie (Kruger et al., 1981:23, Gibson et al., 1989:44, Jacobs, 1986:42, Matthews, 1988:42, Bundschuh, 1991:81, Jooste, 1988:6-10).

Die sessie is na 'n uur beëindig.

4.4.7 Sewende sessie

Luister en doeltreffende lees

Die vorige sessie se werk word hersien, naamlik die opstel van 'n werkprogram en studierooster. Die leerders word gevra om oor hul studieroosters wat hulle die afgelope tyd tussen die twee sessies opgestel het, te praat.

Doelstellings

Om te luister en om vlot en met begrip te lees.

Om deeglik na 'n les te luister.

Om 'n paar sinne op 'n kassetspeler te speel.

Om vrae soos die volgende aan die leerlinge te vra:

Wat maak jy as jy aktief luister?

Luister jy aandagtig en belangstellend?

Maak jy aantekeninge van die belangrikste feite?


Deur gereelde oefening kan luistervaardighede baie verbeter word.

Doeltreffende lees is ook belangrik wanneer daar geleer word.

Leesspoed is belangrik, want hoe vinniger jy kan lees, hoe meer werk kan jy in 'n kort tyd leer. Die verskillende soorte lees is belangrik.

Tegnieke

Maak 'n prikkeltabel van lees soos in 4.3.3.7.



Doeltreffende studiefomule

Kry 'n oorsig van die leesstuk, hoofopskrifte en subhoofde.

Bespreek elke tipe lees met die groep (vgl. gongroepe in 4.3.3.8).

Hier volg 'n paar stappe wat die seniorprimêreskoolkind kan gebruik om in die klas beter te luister:

- Jy moet doelbewus inskakel by dit waaroor die onderwyser praat en ander gedagtes doelbewus uitskakel sodat jy weet en verstaan wat die onderwyser oordra of sê.
- Volgens Weinert (1987:286) moet jy voortdurend vrae aan jousef stel wat jou inskakel by die onderwerp. Die vrae wat jy aan jousef stel, berei jou as't ware voor om beter te kan luister.
- Terwyl jy na die onderwyser luister, moet jy probeer om vooruit te dink wat hy nog gaan sê. Omdat luister 'n aktiwiteit is, is aktief dink belangrik.
- Terwyl jy luister, moet jy gereeld hersien of nagaan om dit wat reeds gesê is in te skakel by dit wat nou gesê word en dit wat jy verwag om verder te hoor. Hier is jy reeds besig om gedurig op te som om te oordeel.

Die groepleier lees 'n leesstuk/paragraaf en toets dan sommige groeplede ten opsigte van die stappe om te bepaal of die vaardighede inge oefen is.

Groeplede moet telkens op elke stap reageer met 'n praktiese voorbeeld.

Doeltreffende lees

Leesdoeltreffendheid hang af van die leesspoed en leesbegrip. Dit is onderskeidelik die hoeveelheid woorde wat jy per minuut kan lees en wat jy daarvan kan onthou (Kruger et al., 1981:38). Leesspoed is baie belangrik, want hoe vinniger jy kan lees, hoe meer werk kan jy binne 'n kort tyd hanteer. Begrip moet nooit by spoedlees ingesluit word nie. Moeilike werk sal dus stadiger gelees word om te begryp (Jooste, 1988:22, Johnson, 1985:636-638, Riley et al., 1989:253).

Matthews (1988:21-23), Kruger et al. (1981:38) en Theron (1985:26-27) onderskei tussen die volgende tipes lees:

- **Vluglees**

Dit is wanneer 'n mens vlugtig 'n algemene indruk van die leesstof wil kry, of 'n spesifieke vraag wil beantwoord. Wanneer jy vluglees, moet jy die woorde vinnig en akkuraat kan uitken. Vluglees word slegs met 'n bepaalde doel en 'n bepaalde geleentheid gebruik (Kruger et al., 1981:38).

- **Oorslaanlees**

By oorslaanlees word daar gedeeltes van die leesstof doelbewus oorgeslaan omdat daar na 'n spesifieke feit of inligting gesoek word. Dit is wanneer jy 'n telefoonnommer in 'n telefoongids naslaan, of 'n woord in 'n woordeboek soek. Dit word teen 'n baie hoë leestempo gedoen.

- **Ontspanningslees**

Dit is hoofsaaklik vir ontspanning en plesier; daarom is die leestempo gemiddeld. In hierdie geval is die doel nie om alles te onthou nie en daarom is 'n begrip van 60 tot 70 persent voldoende.

- **Studieles**

By studieles is die leestempo stadiger. Hier is die inhoud wat die besonderhede bevat belangrik, want dit moet gerangskik, onthou en vertolk of weergegee word. Hier is honderd persent begrip nodig. Hoe moeiliker die leesstof hoe presieser moet gelees word om die kennis te assimileer. Vanselfsprekend sal die leesspoed in die geval baie stadiger wees.

- **Pre-evaluering**

Hierdie is 'n uiters waardevolle tegniek waardeur die leerinhoud as't ware oorsigtelik opgeneem word. Met die volgende stappe sal dit moontlik

wees om sistematies en doeltreffend 'n artikel, hoofstuk of boek te pre-evalueer:

- * Kyk eerstens na die titelblad, naam van skrywer en die uitgewers.
- * Lees dan die eerste drie paragrawe deeglik deur, want daarin word die onderwerp gewoonlik bekendgestel.
- * Lees hierna net die eerste sin van elke paragraaf om die kerngedagtes, na te spoor.
- * Kyk goed na illustrasies, tabelle, grafieke en kaarte asook subhoofde, vet- en skuinsdruk.
- * Lees die laaste paragraaf ook aandagtig deur, want hierin is finale afleidings en opsommings vervat.
- * Pre-evaluering bevorder onthou vermoë en begrip. Dit is ook tydbesparend, omdat dit 'n omvattende blik op die leesstuk gee sonder dat jy die stuk in die geheel hoef te lees.

- **Vlotlees**

"Lees is 'n vaardigheid en 'n vaardigheid kan slegs flink uitgevoer word as dit geoefen word." (Kruger et al., 1981:40.)

- **Begrip**

Wanneer die leerlinge met selfvertroue kan lees, sal hulle meer aandag aan leesbegrip kan bestee. Gereelde oefening en baie vrae is belangrik vir effektiewe leesbegrip. Leerlinge kan ook gevra word om die reël of leesstuk in hulle eie woorde te formuleer om sodoende hul leesbegrip te toets. Eindelik kan 'n opsomming van die sinne en woorde in die boek geskryf word en leerlinge kan in groepe die opsomming bespreek (Rosenshine & Stevens, 1986:374-376, Greyling, 1989:125).

Die groepleier lees 'n paragraaf voor en toets die lede ten opsigte van die leestipes. Die sessie is na 'n uur beëindig.

4.4.8 Agste sessie

Memorising deur herhaling en eselbruggies

Hersiening word gedoen van die vorige sessie oor luister en doeltreffende lees. As die leerling nie goed kan luister en doeltreffend kan lees nie, sal hy ook nie goed kan leer nie. Dié aspek word benadruk.

Doelstellings

Om memorisering en eselbruggies vir leer te gebruik.

Om dit wat gelees is deur memorisering vas te lê.

Tegnieke

Memorisering deur eselbruggies.

'n Bepaalde verskynsel word aan sekere bekende voorwerpe of letters gekoppel, byvoorbeeld vrugte of meubels.

Die indeling van die drie groepe diere op grond van wat hulle eet, word in taal uitgedruk, byvoorbeeld:

Herbivore soos perde en skape eet plante.

Omnivore, byvoorbeeld die hond en vark eet plante en diere.

Karnivore soos die leeu en jakkals leef van vleis.

Prikkeltabelle (vgl. 4.3.3.7).

Gonsgroepe (vgl. 4.3.3.8).

Groeplede ontvang die volgende wenke oor memorisering:

Motivering is 'n hulpmiddel om te onthou wat jy reeds ken en beslis nie 'n metode waarvolgens jy jou werk leer ken nie. Om te memoriseer is nie om te leer nie, maar wel dit wat jy geleer het selektief vas te lê. Memoriseer word in die psigologiewoordeboek omskryf as "alle vorms van leer wat daardeur gekenmerk word dat aangeleerde materiaal op 'n later stadium weer in die geheue herroep word (Matthews, 1988:24, Kruger et al., 1981:30).

Memoriserings kan op verskillende maniere geskied, byvoorbeeld deur middel van herhaling, eselbruggies of mnemotegniek.

- **Herhaling**

Herhaling is ook 'n manier waarop leerinhoud geleer kan word. Blote herhaling lei nie tot begrip en insig nie. Begrip en insig word verwerf deur die koppeling van nuwe kennis aan bestaande of ou kennis. Hoe meermale leerinhoud herhaal word, hoe beter word dit onthou. Dit is ook doeltreffender by parate kennis of algoritmiese leer soos tafels en gedigte. Herhaling sluit in repetering of oorsê van sinne en woorde, of die afneem van woordelike notas. Herhalings moet versprei word. Halfuurleersessies wat oor vier opeenvolgende dae versprei is, sal beter resultate lewer as een leersessie van twee uur (Van Niekerk, 1981:31, Jooste, 1988:13).

Die groep neem hierna aan 'n praktiese oefening van die vaardighede deel.

- **Eselbruggies**

Eselbruggies of mnemotegniek is ook 'n manier om doeltreffend te leer. Die geheue, inligting of leerinhoud word op 'n meer verstaanbare manier aangebied. Eselbruggies is die metode om 'n feit of 'n naam aan 'n bekende voorwerp of plek te koppel. Deur die gebruik van eselbruggies kan jy enige lys voorwerpe aan die meubels in die huis koppel en sodoende die lys makliker onthou. Om die voorwerp te onthou, moet jy net aan meubels dink en kyk aan watter voorwerp dit gekoppel kan word.

Vrugte kan aan meubels gekoppel word byvoorbeeld kweper aan kas, perske aan pot en so meer (Brown, 1979:58, Woolfolk, 1990:249, De Wet et al., 1981:284, Van Niekerk, 1981:32).

Elke lid kry die geleentheid om sy kennis hieroor met die groep te deel.

Die sessie het na 'n uur verdaag.

4.4.9 Negende sessie

Opsommings en onderstreping

Hersiening van die vorige sessie is gedoen. Die leerders word gevra om die gebruik van memorisering en eselbruggies met die hele groep te deel. Sodoende word hul vaardighede versterk en aangemoedig.

Doelstellings

Om die leerling te lei om opsommings en onderstreping doeltreffend te gebruik.

Tegnieke

Opsommings en onderstreping is belangrike vorms van kondensasie. Die tipes opsommings en onderstreping kan deur groepe bespreek word. As die leerling 'n hoofstuk leer, is dit goed om eers 'n oorsig van die hoofstuk te kry deur in die inhoudsopgawe belangrike feite uit te lig en te onderstreep.

Deel 'n gedupliseerde leesstuk uit die betrokke leerlinge se boeke aan hulle uit. Hulle moet nou die leesstuk opsom en onderstreep. Beklemtoon die feit dat leerlinge nie so behep moet wees oor 'n sekere metode nie, want die tipe inhoud bepaal die metode wat gebruik moet word (Marais, 1986:28).

Groepede ontvang die volgende riglyne by die maak van opsommings en onderstreping:

Opsommings

Navorsing oor die leerling se vaardigheid om 'n leesstuk op te som, het sterk toegeneem omdat dit so 'n komplekse vaardigheid is en belangrik is vir die ontwikkeling van leesbegrip. Opsommings is basies 'n proses van seleksie, verkorting en transformering van inligting. Opsommings is 'n soort byproduk van die verstaan van 'n teks en ook 'n doelgerigte oordeel of evaluering van wat verstaan word.

Volgens navorsing is opsommings 'n laat ontwikkelende vermoë, daarom verfyn dit met verloop van tyd of met baie oefening (Jooste, 1988:31).

'n Goeie opsomming moet die volgende besonderhede bevat:

- Die standpunt van die oorspronklike moet behoue bly.
- Die opsomming moet sover as moontlik in die opsommer se eie woorde wees.
- Geen nuwe idees mag bygevoeg word nie.
- Geen fundamentele idees van die oorspronklike teks mag weggelaat word nie (Theron, 1985:43, Kruger et al., 1981:47).

Riglyne vir die maak van opsommings

Opsommings is 'n uitvloeisel of byproduk van doeltreffende lees. Dieselfde stappe kan gebruik word as wat by lees gebruik word.

- **Oorsigstrategie**
 - * Lees eers die hele leesstuk om 'n geheelbeeld te kry.
 - * Lees die leesstuk 'n tweede keer sodat die inhoud goed verstaan word.

- * Soek die belangrikste gedagtes uit en deel dit dan onder bepaalde hoofpunte in.
 - * 'n Volledige opsomming moet feitlik die handboek kan vervang (Theron, 1985:32, Jooste, 1988:31).
- **Skematiese opsomming**
 - * 'n Raamwerk van die leerinhoud word neergeskryf.
 - * Die hoofgedagtes en subhoofde moet jou met een oogopslag 'n oorsig van die stuk werk gee.
 - * Die skema kan liniêr wees of volgens Buzen (1974:88) vertak.
- **'n Kernopsomming**
 - * 'n Kernopsomming kan gemaak word van die volledige opsomming nadat die werk gememoriseer is.
 - * Die kernpunte word slegs as woorde neergeskryf.
 - * Die woorde kan as aanknopingspunte vir die oproep van die geheel dien.
 - * Dit is ook 'n nuttige hulpmiddel vir die geheue in die eksamensituasie.
 - * Sketse kan ook as kernopsommings gebruik word (Van Niekerk, 1984:47).

Onderstreping

Die volgende riglyne vir onderstreping word aan die groeplede gegee:

- Wanneer die leerling 'n groot hoeveelheid leerinhoud het om te leer, moet hy dit eers verminder deur die belangrikste feite uit te soek of te selekteer.
- Nadat die belangrikste feite uitgesoek is, moet dit georden of georganiseer word sodat dit makliker gehanteer kan word.
- Wanneer onderstreping gebruik word om doeltreffend te leer, moet die hoofstuk eers ontleed word en gekyk word watter leerinhoud bekend is.
- Die leerinhoud moet eers goed deurgelees word alvorens dit onderstreep word.
- Opskrifte kan baie help om belangrike leerinhoud raak te sien.
- Dit is belangrik dat net die hoofgedagtes of belangrike feite onderstreep word.
- Onderstreping moet beperk word tot sleutelwoorde en frases.
- Onderstreping kan leer vergemaklik as dit verstandig toegepas word.
- Sommige leerlinge gebruik onderstreping om effektief besig te bly.
- Die onderstreepte gedeelte moet nie meer as 25% van die bladsy oorskry nie (Jooste, 1988:25, Kruger et al., 1981:53, Van Niekerk, 1984:48-51).

'n Leesstuk met een paragraaf word aan groeplede uitgedeel en hulle word versoek om die tegnieke op die teks aan te bring.

Dié sessie het na 70 minute verdaag.

4.4.10 Tiende sessie

Vorbereiding vir die eksamen

Groeplede sal terugvoering bied met die volgende sessie.

Dit is belangrik om hierdie komponente te hersien, want opsommings is vaardighede wat verbeter hoe meer dit beoefen word. Dit raak elke keer meer verfynd.

Doelstellings

Om leerlinge riglyne te gee om voor te berei vir die eksamen.

Om angs en spanning te verminder deur besonderhede soos datum, tyd, plek, tipe eksamen vooraf te weet.

Om te leer om te "dink voor jy ink".

Tegnieke

Leergroepe soos is 4.3.3.2 word gevorm om die eksamen in die volgende hoofde te bespreek: Elke groep ontvang wenke wat as riglyne vir eksamenvoorbereiding kan dien, byvoorbeeld:

Hoe om vir 'n eksamen voor te berei.

Verminder angs gedurende die eksamen deur middel van goeie beplanning en voorbereiding.

Hoe om die eksamen in die eksamenlokaal te benader.

Na die eksamen word 'n prestasietabel opgestel waarin die prestasie wat bereik is in verband gebring word met die nuwe doelwit.

Eksamenwenke

Lees eksamenvrae en instruksies versigtig en noukeurig deur.

Let op na die punttoekenning.

Bou selfvertroue op.

Beantwoord die maklike vrae eerste.

Lees jou antwoorde noukeurig deur.

Groeplede deel hulle ervarings met mekaar.

Ten einde te bepaal of die groep by die sessie baat gevind het, word 'n algemene wetenskapstoets na afloop van die sessie geskryf.

Die vraelyste (vgl. 1.6.2) word weer voltooi na die studiebegeleiding. 'n Algemene wetenskapstoets word na die studiebegeleidingsprogram geskryf om te kyk hoe die leerlinge se akademiese prestasie vergelyk met dié voor die studiebegeleiding.

Leerlinge skryf boodskappe van goeie wense aan mekaar.

Gonsgroepties word gevorm om elkeen se mening oor die studieprogram te hoor.

Vorbereiding vir die eksamen aan die hand van die O-VLOK-H-metode

Oorsig

Die voorbereiding word gedoen aan die hand van 'n bladsy of paragraaf uit een van die skoolhandboeke. Elke stap word na die oefening getoets aan die hand van bepaalde voorbeelde. Vluglees verskillende afdelings, onderafdelings en paragrawe om 'n idee te kry waaroor die werk gaan.

Groeplede moet voorbeelde hiervan in die groep noem.

Vrae stel

Die leerling moet gedurigdeur vrae aan hom-/haarself stel; hierdeur sal hy/sy die werk met groter konsentrasie en belangstelling benader, omdat hy naartiglik na antwoorde op sy vrae soek. Lede kry die geleentheid om voorbeelde van vrae te stel.

Lees

Lees nou 'n kort stukkie op 'n keer. Indien moontlik moet dit hardop geles word, want die sien en hoor van die leerinhoud dien as dubbele herhaling. Maak seker dat die leesstof verstaan word en konsentreer ten volle tydens die leesproses.

Van die lede rapporteer na afloop van die leessessie wat hulle onthou het.

Opnoem

Dit is belangrik om te kyk of jy die leesstuk wat jy deurgeles het in jou eie woorde kan herhaal. Dit moet nie woordeliks opgenoem word nie, maar net die hoofpunte en belangrikste besonderhede. As jy dit nie kan opnoem nie, moet jy weer die leesstuk deurlees.

Lede kry die kans om hoofpunte te noem

Kontrole

Nadat jy die werk opgeneem het, moet jy dit met die oorspronklike leerinhoud kontroleer of jy volledig en korrek weergegee het. Soms moet die hele leerinhoud deurgewerk word terwyl die vier stappe, naamlik vrae stel, lees, opneem en kontrole deurgaans herhaal word.

Lede rapporteer na vyf minute oor hoe hulle individuele kontrole gedoen het.

Hersiening

- Nadat al die leerinhoud volgens stappe 2 - 5 deurgewerk is, moet dit as 'n geheel hersien word om 'n geheelbeeld te kry.
- Die leerinhoud moet gereeld hersien word.
- Indien die leerinhoud gereeld en deeglik hersien word, sal dit die kans om dit te vergeet grootliks uitskakel (Kruger et al., 1981:39-40).

'n Aantal lede rapporteer op vrywillige basis aan ander lede hoe hulle hersiening gedoen het.

Wenke vir die beplanning en voorbereiding vir die eksamen

- Die hersieningsrooster moet prakties wees en maklik om toe te pas.
- Daar moet meer tyd toegestaan word aan die moeilike vakke waarin jy swak presteer.
- Maak voorsiening vir werk wat jy alreeds geleer het.
- Julle kan as 'n groep mekaar help in die voorbereiding van die eksamen.
- Moenie werk met mekaar bespreek net voor jy eksamen gaan skryf nie; dit kan jou verwar of deurmekaar maak.
- Sorg dat jy genoeg rus en ontspan terwyl jy voorberei.
- Die aand voor die eksamen moet jy vroeg gaan slaap sodat jy uitgerus is die volgende oggend.
- Dit is goed om vir jou 'n maatstaf te stel waarvolgens jy wil presteer. Neem jou laaste eksamenpunte en bring dit op 'n grafiek aan. Wys op die grafiek wat jou volgende mikpunte is en poog om dit te bereik.

Lede kry drie minute waarin hulle elk 'n hersieningsrooster moet opstel.

Vakprestasietabel

	Vorige eksamen	Nuwe doelwit
Vak	Afr. Eng. Alg. Wet.	
100%		
95%		
90%		
85%		
80%		
75%		
70%		

65%		
60%		
55%		
50%		
45%		
40%		
35%		
30%		
25%		
20%		
15%		

Na die eksamen of toets moet die grafiek vergelyk word met die vorige eksamen of toets, en so kan bepaal word of daar enige verbetering of verswakking is. Nuwe doelwitte kan nou gestel word.

Hoe om die eksamen te benader

- Moenie bang wees nie, die inligting wat jy geassimileer het, is in jou brein vasgelê.
- Weet presies waar en wanneer die eksamen geskryf word.
- Sorg dat jy al jou benodigdhede vir die eksamen het.
- Kom effens vroeër by die eksamenlokaal aan en wees kalm en nie gejaagd.
- Luister aandagtig na mondelinge instruksies van die toesighouer.
- Lees die geskrewe instruksies op die vraestel goed deur.
- "Dink voor jy ink."
- Lees die hele vraestel deur en merk die vrae wat jy eerste of wel gaan doen.
- Maak beknopte raamwerke van die antwoorde wat jy wel gaan doen.
- Werk vinnig en netjies; dit help vertrou aan en verminder angs.

- Maak seker dat jy die vrae begryp.
- Onderstreep sleutelwoorde/kernwoorde.
- Let op die puntetoekenning by elke vraag in die vraestel.
- Beplan jou tyd verstandig sodat daar genoeg tyd is om al die vrae te beantwoord.
- Beantwoord die maklike vrae eerste.
- Lees jou antwoorde deur en bring veranderinge aan waar nodig voor jy jou antwoordskrif inlewer.
- Na die eksamen vergeet jy daarvan. Dit is nutteloos om oor 'n eksamen te tob wat verby is (Kruger et al., 1981:68-88, Palmer et al., 1988:116-125, Theron, 1985:46-49, Jooste, 1988:66-70).

4.5 SAMEVATTING

Hierdie verwysingsraamwerk en riglyne (hoofstuk 4) was gebruik om studiebegeleiding te gee aan 'n aantal leerlinge in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding.

Daar is veral aandag gegee aan die doelstellings van studiebegeleiding, - daarsonder kan die kind nie gemotiveerd wees nie.

Motivering (die wil, begeerte of dryfkrag om te leer) is baie belangrik tydens die studiebegeleidingsprogram.

Selfbeeld is wat die kind van hom-/haarself dink en waartoe hy in staat is.

Aandag is ook aan die opstel van 'n werkprogram en 'n studierooster gegee. Faktore wat die kind se leer beïnvloed soos erflikheid en omgewing, is ook duidelik uiteengesit.

Riglyne vir studiebegeleiding byvoorbeeld selfdisipline, goeie gewoontes, positiewe studiehouding, studiemetodes en studievaardighede soos luister, lees en skryf is beskryf. Verder is ook riglyne vir aandag, konsentrasie en memorisering bespreek. Voorbereiding vir die eksamen, asook die benadering tydens die eksamen is in die hoofstuk as afsonderlike onderafdeling onder die loep geneem.

In die volgende hoofstuk sal die ondersoekmetode toegelig word.

- Groot onkunde ten opsigte van die maak van opsommings is ook onthul.
- Baie van die leerlinge was ongemotiveerd ten opsigte van hul skoolwerk.
- Daar is ook 'n groot leemte ontdek ten opsigte van die voorbereiding en skryf van eksamens.

5.4 AGTERGRONDGEGEWENS VAN DIE PROEFPERSONE

5.4.1 Proefpersoon A

Proefpersoon A is die oudste dogter van 'n volledige gesin. Uit groepbesprekings het dit voorgekom asof haar pa baie streng is. Haar ma het 'n voltydse beroep. Sy moet in die middag huis skoonmaak, kos voorberei en na haar twee broers omsien. Haar huiswerk is selde voltooi.

Na afloop van die studiebegeleidingsprogram het sy meer dikwels haar huiswerk volledig gedoen. Haar houding teenoor haar skoolwerk is ook baie meer positief. Sy het aangetoon dat sy baie uit die sessie oor stres geleer het en dit ook baie geniet het.

5.4.2 Proefpersoon B

Proefpersoon B is uit 'n buite-egtelike verhouding gebore. Hy, sy ma en nog 'n broer woon by hul ouma. Hy toon gedragsprobleme by die skool en tuis. Hy is op 'n stadium betrap terwyl hy geld uit 'n onderwyser se klaskamer gesteel het. Soms doen hy glad nie sy huiswerk nie.

Na afloop van die studiebegeleidingsprogram het sy gedrag by die skool en by die huis baie verbeter. Hy doen nou meer gereeld sy huiswerk en is ook baie behulpsaam by die skool, veral met die natmaak van bome. Hy het ook nie weer geld gesteel nie en kom nou gelukkig voor.

5.4.3 Proefpersoon C

Proefpersoon C se ouers is vervreemd van mekaar. Sy vader het 'n paar jaar gelede selfmoord probeer pleeg. Hy woon tans by sy moeder. Hy is nie lief om te leer nie en doen byna nooit sy huiswerk nie. Hy voer ook aan dat hy leer, maar niks verstaan nie en dat een van die onderwysers nie van hom nou nie.

Na afloop van die studiebegeleidingsprogram doen hy meer gereeld sy huiswerk. Hy besoek dikwels die plaaslike biblioteek. Sy houding teenoor sy skoolwerk is nou positief en sy akademiese prestasie het ook verbeter. Sy houding teenoor die onderwyser is ook positief en hy is behulpsaam in die klas.

5.4.4 Proefpersoon D

Proefpersoon D is afkomstig uit 'n volledige gesin. Sy leer baie hard, maar presteer nie na wense nie. Volgens verslae oor haar was daar nooit klagtes oor haar gedrag nie. Tydens die groepstudiebegeleidingsprogram het sy baie positief opgetree en het baie keer die leidende rol gespeel.

Na afloop van die studiebegeleidingsprogram het sy heeltemal ontluik. Sy was baie aktief tydens die sessies en sy het die program geniet. Haar prestasies is ook nou baie beter en sy voel tevrede daarmee.

5.4.5 Proefpersoon E

Proefpersoon E is afkomstig uit 'n enkelouergesin. Sy behaal voortdurend onbevredigende resultate alhoewel sy hard leer. Sy toon groot onkunde ten opsigte van die maak van opsommings.

Na afloop van die studiebegeleidingsprogram het sy meer bevredigende resultate gelewer. Sy kan nou baie beter opsommings maak. Leer het nou vir haar meer genotvol geword. Sy geniet nou die vrugte van haar harde werk.

5.4.6 Proefpersoon F

Proefpersoon F se ma is 'n enkelouer wat werk. Sy is middae alleen tuis. Sy doen nie haar huiswerk gereeld nie, sy stel baie belang in sport en atletiek.

Na afloop van die studiebegeleidingsprogram het haar houding teenoor haar skoolwerk heelwat verbeter. Sy het 'n studierooster en werkprogram opgestel en besef nou dat elke ding onder die son 'n tyd het om gedoen te word.

5.4.7 Proefpersoon G

Proefpersoon G is die tweede oudste seun afkomstig uit 'n volledige gesin. Volgens die besprekings in die klas is hulle klaarblyklik 'n gelukkige gesin. Hy toon min belangstelling in sy skoolwerk en doen ook nooit tuiswerk nie.

Na afloop van die studiebegeleidingsprogram het hy meer belangstelling in sy skoolwerk getoon en sy huiswerk ook meer gereeld gedoen. Sy houding teenoor leer is nou ook baie meer positief as voorheen.

5.4.8 Proefpersoon H

Proefpersoon H is afkomstig uit 'n volledige gesin. Hy is die derde oudste kind in die gesin. Volgens 'n individuele sessie het dit egter aan die lig gekom dat sy huislike omstandighede baie swak is. Hy doen nie sy huiswerk nie en draai soms stokkies.

Na afloop van die studiebegeleidingsprogram het hy meer belangstelling in sy skoolwerk getoon. Hy het minder stokkies gedraai, want hy het besef dat hy vir homself leer en daarom te alle tye die beste moet doen.

5.4.9 Proefpersoon I

Proefpersoon I is afkomstig uit 'n volledige gesin. Sy is die middelkind van drie kinders. Sy voel dat haar resultate nie bevredigend is ooreenkomstig haar insette nie. 'n Groot leemte is ook ontdek ten opsigte van die maak van opsommings.

Na die studiebegeleidingsprogram kan sy baie beter opsommings maak. Haar prestasie het verbeter en sy was tevrede met haar skoolwerk.

5.4.10 Proefpersoon J

Proefpersoon J is afkomstig uit 'n gebroke gesin. Hy woon by sy tante. Hy is ongemotiveerd ten opsigte van sy skoolwerk en hy is spelerig in die klas.

Die studiebegeleidingsprogram het sy houding teenoor leer meer positief beïnvloed. Hy het af en toe sy huiswerk gedoen. Hy is minder spelerig in die klas. By tye raak hy stil; moontlik as gevolg van die gebroke gesin. Met meer motivering behoort sy houding teenoor leer baie meer positief te wees.

5.4.11 Proefpersoon K

Proefpersoon is afkomstig uit 'n volledige gesin. Hy doen nie sy huiswerk nie en voer aan dat hy nie verstaan nie. Hy is die tweede oudste kind van vier kinders in die gesin.

Na afloop van rollespel het dit aan die lig gekom dat hy voel sy ouers gee nie veel vir hom om nie. Sy ouer broer en jonger suster kry meer aandag. Na afloop van die sessie oor selfbeeld het daar 'n geleidelike verandering in sy houding teenoor leer gekom. Met die laaste sessie was hy redelik selfversekerd en hy het ook begin om sy huiswerk te doen.

5.4.12 Proefpersoon L

Proefpersoon L is afkomstig uit 'n volledige gesin. Albei ouers is professioneel opgelei. Sy is woonagtig by haar ouma. Sy doen nie gereeld haar huiswerk nie en daar is ook 'n leemte ontdek ten opsigte van die voorbereiding en aflê van eksamens.

Tydens 'n bespreking het dit aan die lig gekom dat haar ouers te hoë eise aan haar stel en dat dit spanning veroorsaak.

Die studiebegeleidingsprogram het haar meer ontspanne gemaak. Sy het gereeld haar huiswerk begin doen en is ook nie meer so gespanne tydens

die aflê van toetse en eksamen nie. Gevolglik het haar prestasie ook verbeter.

5.4.13 Proefpersoon M

Proefpersoon M is die middelkind van vyf kinders. Sy ouers werk albei. Sy ouers en suster poog voortdurend om hom te motiveer. Hy is ook 'n kranige sokkerspeler.

Die studiebegeleidingsprogram het hom oortuig om 'n studierooster en werkprogram op te stel en probeer om streng daarvolgens te werk. Sy werk is nou baie beter en hy stel ook meer belang in sy skoolwerk.

5.4.14 Proefpersoon N

Proefpersoon N is woonagtig by haar ma en stiefpa. Sy is af en toe afwesig en doen nie haar huiswerk nie. Sy voer aan dat die kinders dreig om haar te slaan. Die gesin is deur die maatskaplike werkster opgeneem, want een van haar susters het al probeer selfmoord pleeg.

Na afloop van die studiebegeleidingsprogram is sy nie meer so baie afwesig nie. Sy doen ook haar huiswerk meer gereeld. Sy meen egter nog dat haar stiefpa baie streng is en kom stil en teruggetrokke voor. Haar houding teenoor haar skoolwerk is meer positief as voorheen.

5.4.15 Proefpersoon O

Proefpersoon O is afkomstig uit 'n volledige gesin. Tydens 'n rollespel het dit geblyk dat sy ouers baie baklei en dat hulle tydelik van mekaar vervreemd is. Sy skoolwerk is baie wisselvallig. Hy kla ook dat hy nie kan konsentreer nie.

Die studiebegeleidingsprogram het hom positief beïnvloed en sy werk is meer konstant. Hy is nou tevrede met sy uitslae en het aangevoer dat hy nou beter kan konsentreer vandat hy die wenke oor aandag en konsentrasie begin toepas het.

5.5 DIE MEETINSTRUMENT

Wat ek gedoen het

Die vraelys is as die toepaslikste ondersoekmetode in die uitvoering van hierdie ondersoek beskou.

Die vraelys as meetinstrument is deeglik nagegaan en daar is voldoende aandag geskenk aan die uiterlike en inhoudelike samestelling, lengte, anonimiteit en voorkoms om by die seniorprimêreleerlinge aan te pas.

5.5.1 Samestelling van vraelyste

Na aanleiding van die literatuurstudie en met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek is besluit om die inligting oor die kind se houding teenoor studie (leer) of skoolwerk te bekom. Die vraelyste van Kruger et al. (1981:6,7,13,14,25 & 26) en die RGN (1984:776) is as basis vir die vraelys gebruik. Die vraelys is gewysig en aangepas om by die leerlinge aan te pas. (Bylaag 1.)

Dit is belangrik dat die kind ten opsigte van die volgende aspekte homself ken: wie hy is, waartoe hy in staat is en wat hy wil bereik. Daarom geniet selfbeeld in die vraelys heelwat aandag. Die doel met die vraelys is om die kind in die seniorprimêreskoolfase se studiehoudings, -metodes en studiegewoontes te ondersoek ten einde hom te help om sy houding teenoor studie te verbeter.

Die afdeling oor studiemetodes bevat items 1-20 wat oor verskillende probleemareas handel, byvoorbeeld die benadering van 'n stuk werk, lees stuk vir stuk, geheue, konsentrasie, skryf van opdragte, die maak van opsommings en die voorbereiding en skryf van toetse en eksamens.

Die volgende voorbeelde van vraelysitems illustreer wat met die voorafgaande bedoel word:

- Ek vind dit moeilik om aan die gang te kom met my leerwerk.
- Wanneer ek leer, kan ek goed konsentreer.

- Ek is goed genoeg uitgerus as ek eksamen skryf.

Die afdeling oor studiehouding bevat items 21-34 wat 'n aanduiding gee van algemene probleme wat ontstaan weens 'n traak-my-nieagtige houding of 'n negatiewe studiehouding en onderskatting van die waarde van goeie opvoeding. Items 35-40 bevat probleme as gevolg van 'n negatiewe of onverskillige houding teenoor die onderwyser wat les gee, byvoorbeeld :

- Ek verloor belangstelling in my skoolwerk na die eerste paar dae.
- Ek voel verward en besluiteloos oor wat ek in die skool leer.
- Ek voel lus om die skool te verlaat.
- Ek dink dat die onderwysers nie die kind se hedendaagse probleme verstaan nie.

Die afdeling oor studiegewoontes en hoe effektief jy jou studietyd benut word in items 41-50 aangedui en items 51-60 dui algemene probleme in verband met die studeerplek aan. Die volgende voorbeelde dui die aard van die items aan:

- Ek leer altyd voor 'n oop deur of venter.
- Ek stel my werk uit tot die laaste oomblik.
- Ek raak agter in een vak, omdat ek vir 'n ander moes leer.
- Ek word gehinder deur lawaai naby my leerplek.

5.5.2 Lengte van vraelyste

Daar is deurgaans gepoog om die vraelys so kort as moontlik te hou, maar tog om al die nodige inligting daarin te vervat. Die finale vraelys bestaan uit 60 vrae.

5.5.3 Anonimiteit van die vraelys

Respondente is verseker dat alle inligting streng vertroulik beskou sal word. En dat niemand op een of ander wyse geïdentifiseer mag word nie (Smit, 1986:237).

5.5.4 Voorkoms van die vraelys

- Aanwysings in vraelyste oor studiemetodes, studiehoudings studiegewoontes.
- Verduideliking van simbole.
- Naam.
- Nommer.
- Voorbeeld.

'n Eerste redigering is van die vraelys gedoen en aan 'n loodsstudie onderwerp. Dit wil sê 'n klein aantal leerders het die vraelys voltooi voordat dit deur die proefpersone beantwoord is. Alle onduidelikhede en dubbelsinnigheid is uit die weg geruim. Daarna is wysigings aangebring en die vraelys het uit drie afdelings bestaan, naamlik studiemetodevraelys (1-2), studiehoudingvraelys (21-40) en studiegewoontevraelys (41-60).

5.5.5 Inhoudsgeldigheid

Die vraelys wat gebruik is, is aan inhoudsgeldigheidstoetsing onderwerp deurdat 'n aantal opvoedkundiges genader is om die vraelys se inhoud te kontroleer. Die geoperasionaliseerde vrae is ook geldig bevind op grond van die teorie wat die vrae onderlê. 'n Statistikus het die korrektheid van die statistiese ontledings gekontroleer.

Daar kan dus gesê word dat die vraelys redelikerwys voldoen aan die vereistes van die inhoudsgeldigheid.

5.6 VERLOOP VAN NAVORSINGSPROJEK

Die navorser het die skool gereeld besoek. Die skoolhoof is volledig oor die vraelys en ondersoek ingelig. (Bylaag 2.)

Die volgende modus operandi is aan die skoolhoof voorgehou:

- 'n Begeleidende brief deur die navorser met 'n afskrif van die Vrystaatse Onderwysdepartement dat die navorsing wel by die betrokke skool met 15 leerders in die seniorprimêreskoolfase gedoen mag word. (Bylae 3 en 4.)
- Die proefpersone voltooi die vraelyste as 'n voortoets.
- Die studiebegeleidingsprogram is aangebied. Dit bestaan uit 10 sessies wat oor 'n tydperk van ses maande aangebied is.
- Nadat die studiebegeleidingsprogram afgehandel is, het die proefpersone weer 'n vraelys voltooi as 'n natoets. Die voortoets en natoets se response is met mekaar vergelyk.
- Algemene Wetenskaptoetspunte wat groeplede voor en na die studiebegeleiding verwerf het, is ook met mekaar vergelyk.

5.7 STATISTIESE TEGNIEKE

Die ingesamelde data is met behulp van die Statistiese Konsultasiedienste van die PU vir CHO verwerk. Effekgroottes (d) is bereken om die verskil tussen die na- en voortoetstellings te bepaal.

5.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die doel van die ondersoek gemotiveer. Die metode van ondersoek is bespreek asook die vraelys as metode van navorsing. Die keuse van die proefpersone, agtergrondgewens van die proefpersone asook die

keuse van die items vir die vraelyste is bespreek. Die verloop van die navorsingsontwerp en statistiese tegnieke is ook toegelig.

In hoofstuk 6 sal die resultate en bevindinge van die vraelysresponse bespreek word.

HOOFSTUK 6

RESULTATE EN BEVINDINGE

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ontleding en vertolking van die vraelysresponse en Algemene Wetenskaptoetspunte aangebied.

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om empiries vas te stel of 'n studiebegeleidingsprogram leerlinge met 'n negatiewe studiehouding positief sal beïnvloed.

Om hierdie doel te bereik, is 'n aantal ontledings van gegewens uit die vorige hoofstukke gedoen.

Die verskil van die studiemetode-, studiehouding- en die studiegewoontevraelys is afsonderlik behandel. Die leerlinge se Algemene Wetenskaptoetspunte voor en na die studiebegeleiding is vergelyk en daarna is seuns en dogters se prestasies met mekaar vergelyk.

Cohen (1988:20-27) se kriteria is gebruik om die opvoedkundige betekenisvolheid (effekgrootte) te bereken. Die effekgrootte dui op die prakties betekenisvolle verskil tussen die na- en voortoetstellings.

Die effekgrootte word verkry deur die gemiddelde d-waarde voor en na die studiebegeleiding. Die effekgrootte word soos volg gedefinieer: Die verskil tussen die gemiddelde na- en voortoetstellings, gedeel deur die standaardafwyking van die verskiltellings.

Praktiese betekenisvolheid word verkry as $d > 0,8$ of $d < -0,8$ ('n groot effek). Die riglynwaardes vir effekgrootte geskied soos volg: Waar seuns en dogters

vergelyk word, is die effekgrootte $d =$ (gemiddeld van seuns en dogters). Die maksimum van die twee standaardafwykings word verkry (Cohen, 1988:20-27).

Die kriteria wat vir die doel van hierdie ondersoek gebruik word, is die volgende:

0,8: groot effek,

0,5: medium effek,

0,2: klein effek.

Waar die seuns en dogters vergelyk word, word die effekgrootte gedefinieer as: verskil tussen die gemiddelde tellings van die seuns en die dogters, gedeel deur die maksimum van die standaardafwykings van die seuns en die dogters.

6.2 VERTOLKING VAN STUDIEMETODEVRAELYS

Tabel 6.1

Gemiddelde verskille ten opsigte van veranderlikes tussen na en voor die studiebegeleiding

Veranderlike	Gemiddelde	Standaardafwyking	d-waarde
1. Geheelbeeld	2.5333	0.6399	3.9587
2. Eie vroeë formuleer	2.7333	1.1629	2.3504
3. Punte uitlig	2.3333	1.1751	1.9856
4. Onderbreking	1.8571	1.2315	1.5081
5. Grafieke en syfers	1.9333	1.2800	1.5106
6. Werk begryp	1.8751	1.4064	1.3205
7. Onthou maklik	2.0000	1.3628	1.4676
8. Opsommings maak	2.6667	0.8997	2.9638

9. Konsentreer goed	2.0667	1.5796	1.3083
10. Aan die gang	2.0714	1.5424	1.3430
11. Gedagtes uitdruk	2.2667	0.9612	2.3583
12. Skriftelike werk beplan	2.0000	1.1339	1.7683
13. Hersiening	2.2143	1.0509	1.1070
14. Beplan toetse	1.5333	1.4573	1.0522
15. Lees die toetse oor	1.6667	1.6762	0.9942
16. Voltooi toetse	1.7857	1.2514	1.4270
17. Wees uitgerus vir eksamen	2.2667	1.5337	1.4779
18. Wees kalm tydens eksamen	1.8000	1.2649	1.4230
19. Verdeel tyd	2.0000	1.3093	1.5275
20. Lees vraag	1.7333	1.3345	1.2988

Uit tabel 6.1 blyk dit dat in alle vrae van die studiemetodevraelys na die studiebegeleidingsprogram 'n verbetering voorgekom het. Groot effek ($d > 0,8$) is deurgaans verkry by al die veranderlikes.

Hierdie verbetering ten opsigte van al die vrae vanaf 1 - 20 is dus opvoedkundig betekenisvol. Alle vrae se effekgroottes was tussen 1,05 en 3,96. Die enigste laer telling was nommer 15 wat 0,99 was, en steeds 'n groot effekgrootte toon. Dit handel oor die oorlees van toetse voor dit ingelewer word. Nommer 1 wat oor die vorming van 'n geheelbeeld gaan voordat leer begin, toon die grootste effekgrootte, naamlik 3,96. Dit wil voorkom asof die navorsingsgroep na die studiebegeleiding meer opsommings maak tydens leer en dit ook maklik vind om hul gedagtes uit te druk gedurende toetse en eksamens. Die meeste leerlinge vind dit makliker om die belangrikste punte in 'n stuk werk uit te lig.

6.3 VERTOLKING VAN STUDIEHOUDINGSVRAELYS

Tabel 6.2

Verskille ten opsigte van veranderlikes tussen voor en na studiebegeleiding

Veranderlike	Gemiddelde	Standaard-afwyking	d-waarde
21. Verloor belangstelling	-2.000	1.1952	-1.6733
22. Genoeg vir slaag	-1.0000	2.0000	-0.5
23. Verward oor skool	-2.6667	1.1127	-2.3966
24. Baie leerwerk	-1.5333	1.2459	-1.2307
25. Lewe geniet	-2.3571	0.7449	-3.1642
26. Teken prentjies	-2.8667	0.7432	-3.8571
27. Swak konsentrasie	-3.0000	0.8452	-3.5497
28. Vakke onnodig	-1.8000	0.8615	-2.0884
29. Verlaat skool	-2.4667	1.4075	-1.7527
30. Leerinhoud ontoepaslik	-2.0667	1.2228	-1.6901
31. Tref of mis	-2.5333	0.8338	-3.0383
32. Skoolboeke vervelig	-1.3571	1.6919	-0.8021
33. Voor eksamen	-3.0667	1.2799	-2.3961
34. Eksamenkrisis	-2.7857	1.3114	-2.1242
35. Begryp nie behoefte	-2.9231	0.6405	-4.5637
36. Aarsel om te vrae	-2.9286	0.7300	-4.0015
37. Te veel werk	-3.6667	0.4880	-7.5144
38. Verstaan nie probleme	-2.8667	0.9155	-3.1313
39. Huiwerig oor toekoms	-2.2857	0.9945	-2.2984
40. Kritiseer onderwyser	-2.8000	0.5606	-4.9945

Uit tabel 6.2 blyk dit dat in alle vrae van die studiehoudingvraelys 'n beduidende verskil oftewel 'n verbetering (d.i. 'n negatiewe verskil tussen die voor- en natellings) voorgekom het. 'n Groot effek ($d > 0,8$) by al die veranderlikes is telkens verkry, behalwe by item 22 ($d = -0,5$) wat 'n medium effek getoon het. Dit wil voorkom asof die meeste van die leerlinge net genoeg leer om te slaag. Daar is 'n negatiewe verskil tussen die voor- en natellings, maar dit word positief aanvaar, omdat die stellings negatief geformuleer is.

Hierdie verskil ten opsigte van al die stellings is dus opvoedkundig betekenisvol.

In die studiehoudingvraelys voel baie van die leerlinge dat hulle smiddae te veel tuiswerk kry. Minder leerlinge raak verveeld na die studiebegeleiding (nommer 32). Hulle houding teenoor die leerwerk en hul onderwysers het baie verbeter.

6.4 VERTOLKING VAN STUDIEGEWOONTEVRAELYS

Tabel 6.3

Verskille ten opsigte van veranderlikes tussen voor en na studiebegeleiding

Veranderlike	Gemiddelde	Standaard-afwyking	d-waarde
41. Stel werk uit	-1.0067	1.6242	-0.6567
42. Moeg vir leer	-2.2667	1.3870	-1.6342
43. Skool is vervelig	-1.4000	1.2984	-1.0783
44. Verwaarloos skoolwerk	-3.0000	0.7559	-3.9686
45. Raak agter met werk	-1.5333	1.2459	-1.2307
46. Bereik min	-0.8000	1.6987	-0.4709
47. Huiswerk onbeplan	-1.1333	1.7674	-0.6412

48. Onderbrekings	-1.6000	1.3522	-1.1832
49. Ekstra werk	-1.0667	1.9445	-0.5486
50. Gedagtes dwaal	-1.2667	1.1629	-1.0892
51. Oop venster of deur	-3.2667	1.1629	-2.8090
52. Foto's op lessenaar	-1.6667	1.6330	-1.0206
53. Lê op bed en leer	-2.4667	1.4075	-1.7526
54. Lig skyn op boek	-1.5000	2.1394	-0.7011
55. Lessenaar netjies	-2.6154	1.3253	1.9734
56. Gehinder deur persone	-3.0000	1.0000	-3.0000
57. Met musiek leer	-2.8667	0.9904	-2.8943
58. Tydskrifte, plakkate te sien	2.6667	1.1127	-2.3966
59. Lawaai by leerplek	-2.3333	1.4475	-1.6120
60. Vertraag skoolwerk	-2.3333	0.8997	-2.5934

Uit tabel 6.3 blyk dit dat in alle vrae van die studiegewoontevraelys 'n beduidende verandering voorgekom het. 'n Groot effek is telkens verkry ($d > 0,8$ of $d < 0,8$) by al die veranderlikes behalwe die volgende vrae; 41, 46, 47, 49 en 50 wat slegs 'n medium effek getoon het. Dit dui op tekorte wat wel aangevul kan word en by die leerlinge ingeskerp kan word, byvoorbeeld:

- 41 Die uitstel van werk.
- 46 Hulle bereik te min.
- 47 Hulle doen huiswerk onbeplan.
- 49 Hulle doen nooit ekstra werk nie.
- 54 Die lig wat op die boek skyn.

6.5 VERTOLKING VAN ALGEMENE WETENSKAPTOETSPUNTE

Tabel 6.4

St.4-leerlinge se Algemene Wetenskaptoetspunte

Leerlinge	Voor	Na	Verbetering
	100	100	
1. Seun	35	56	21
2. Dogter	50	80	30
3. Dogter	60	80	20
4. Seun	40	45	5
5. Seun	35	63	28
6. Dogter	55	63	8
7. Seun	50	73	23
8. Dogter	50	53	3
9. Seun	70	80	10
10. Dogter	45	66	21
11. Dogter	50	73	23
12. Seun	50	70	20
13. Dogter	35	60	25
14. Seun	45	80	35
15. Dogter	50	70	20
Gemiddelde	48	67	19

Effekgrootte $d = 2,11$

Die effekgrootte van die gemiddelde verbetering is 2,11 wat 'n groot effek is.

Volgens tabel 6.4 blyk dit duidelik dat seuns en dogters se skoolastiese prestasie opvallend verbeter het na die studiebegeleidingsprogram. Die verbetering varieer vanaf gering tot uitstekend. Die minimum verbetering in punte is 3 en die maksimum is 35. Die gemiddelde verbetering is 19.

6.6 VERTOLKING VAN ALGEMENE WETENSKAPTOETSPUNTE

Tabel 6.5

Die verskil of verbetering van Algemene Wetenskapstoetse voor en na studiebegeleiding per geslag

Seuns	Verbetering	Dogters	Verbetering
1	21	3	20
2	20	6	8
4	5	8	3
5	28	10	21
7	23	11	23
9	10	13	25
12	20	15	20
14	35		
Gemiddelde	20,25		17,14

Standaardafwyking:

9,44

8,28

Volgens die gegewens in tabel 6.5, wat die prestasie betref, kan afgelei word dat die seuns oor die algemeen beter as die dogters gevaar het. By die seuns is die maksimum verbetering 35 punte en by die meisies is dit 25 punte. Die minimum verbetering in punte by die seuns is 5. By die dogters is dit 3. Die gemiddelde verbetering van die seuns se punte is 20 en die van die dogters is 17. Die seuns het omtrent 'n gemiddelde punt van 3 meer as die dogters, wat nie opvoedkundig betekenisvol is nie, want $d = 0,33$.

6.7 SAMEVATTING

Die response van die vraelyste oor studiemetodes, -houdings en studiegewoontes is in hierdie hoofstuk bespreek. Die vraelysresponse is by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ontleed. Daar is tabelle opgestel wat die response weergee. Daar is vertolking van die vrae gedoen. Hoewel die respondente grootliks meer positief gereageer het ten opsigte van die aspekte wat ter sprake gekom het, het daar tog enkeles laat deurskemer dat daar van die aspekte is wat hulle voel nie na wense is nie, byvoorbeeld onderwysers gee te veel huiswerk.

Daar is ook vergelykings getref tussen die seuns en meisies se Algemene Wetenskappunte voor en na die studiebegeleiding.

Na aanleiding van die resultaat van die ondersoek blyk dit dat studiebegeleiding wel die leerder in die seniorprimêreskoolfase wat negatief teenoor die skool ingestel is se studiehouding positief kan beïnvloed. Die hipotese kan dus aanvaar word.

In die volgende hoofstuk sal die samevatting, gevolgtrekkings en 'n paar aanbevelings gemaak word.

Studiebegeleiding van leerlinge met 'n negatiewe studiehouding in die seniorprimêreskoolfase.

In hoofstuk 2 is die kind in die seniorprimêreskoolfase onder die loep geneem. Die kenmerke ten opsigte van fisieke ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, fasette van geheue, emosionele ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, sedelike ontwikkeling en persoonlikheidsontwikkeling met die opvoedkundige implikasies daarvan is duidelik uiteengesit. Die rol wat hierdie kenmerke in die totale ontwikkeling van die seniorprimêreskoolkind speel, is ook uiteengesit. Die opvoeder se taak is om die seniorprimêreleerling in te lig ten opsigte van die liggaamlike groei tydens hierdie stadium. Die kind moet die verandering in sy liggaam kan verstaan en aanvaar. Kognitief beweeg die kind weg uit die egosentriese na 'n meer altruïstiese stadium en begin om ander mense se belange ook in ag te neem. Dit is baie belangrik dat die ouers en opvoeders die kind se vermoë ken sodat daar nie te hoë eise aan die kind gestel word nie.

Die kennis omtrent fasette van die geheue is noodsaaklik sodat die hoeveelheid werk en die moeilikheidsgraad aangepas kan word by die kind se M-ruimte van die geheue. Die opvoeder en ouers moet begrip hê vir die emosionele ontwikkelingspatrone van die kind in die seniorprimêreskoolfase. Die emosionele probleme het 'n groot impak op die kind se leer. Sosiale ontwikkeling speel 'n belangrike rol in hierdie stadium van die kind se lewe. Die portuurgroep is vir hom baie belangrik en hy beweeg weg van die ouer en ouerhuis na dié groep. Die opvoeder het 'n groot taak om aan die kind die regte morele en sedelike waardes oor te dra om sodoende 'n positiewe en gebalanseerde waardestelsel op te bou. 'n Goeie selfbeeld vorm 'n belangrike komponent in die opbou van 'n gesonde en positiewe persoonlikheid by die kind in die seniorprimêreskoolfase.

In hoofstuk 3 is daar gefokus op die studiehouding en faktore wat studiehouding negatief beïnvloed soos taal, stres, selfbeeld en omgewing. Studiehouding is die belangrikste komponent van studieoriëntasie. Dit is belangrik dat die opvoeder te alle tye moet poog om 'n positiewe studiehouding by die kind in die seniorprimêreskoolfase te ontwikkel. Daar moet ook aandag

gegee word aan die stresoorlading van die kind. Die opvoeder moet bewus wees wat elke kind se rol in die gesinsmilieu is om stres by die kind te bepaal.

In hoofstuk 4 is die studiebegeleidingsprogram vir die leerling in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding uiteengesit. Dit behels 'n omskrywing van die riglyne vir die studiebegeleidingsprogram soos volg: groepvoorligting, doelstellings van die studiebegeleidingsprogram, studiehouding, selfbeeld studiegewoontes en -metodes, motivering, erflikheid, omgewing, taal, stres, fasette van geheue, wenke vir aandag en konsentrasie, werkprogram, studierooster, luister en doeltreffende lees, memorisering deur herhaling en eselbruggies, opsommings en onderstreping en laastens voorbereiding en aflê van die eksamen. Uit die ondersoek blyk dit dat 'n studiebegeleidingsprogram deur middel van groepvoorligting effektief is.

In hoofstuk 5 is die ondersoekmetode onder die loep geneem. Hierdie ondersoek bestaan uit 'n literatuurstudie en 'n meegaande empiriese ondersoek. In die literatuurstudie is gefokus op die kind in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding. Daar is veral klem gelê op die kenmerke en omgewing van die kind in die seniorprimêreskoolfase. Die empiriese ondersoek het bestaan uit voortoets waarin vraelyste oor studiegewoontes, -houding en studiemetodes deur die groeplede voltooi is. Die studiebegeleidingsprogram is in die vorm van groepsvoorligting aangebied. Na afloop van die studiebegeleidingsprogram het die groeplede weer die vraelyste oor studiegewoontes, studiehouding en studiemetodes as natoets voltooi en met die voortoets vergelyk. Algemene Wetenskaptoetspunte van groeplede voor en na studiebegeleidingsprogram is ook vergelyk om te bepaal watter effek die studiebegeleidingsprogram op die akademiese prestasie getoon het.

In hoofstuk 6 is die resultate en bevindinge van die vraelysresponse en die Algemene Wetenskaptoetspunte aangebied. Die veranderlikes tussen voor en na die studiebegeleiding van die studiemetodevraelys, studiehoudingvraelys en studiegewoontevraelys is afsonderlik uiteengesit. Die leerlinge se Algemene Wetenskaptoetspunte voor en na die studiebegeleiding is vergelyk asook die

seuns en dogters se prestasies met mekaar. Hierdie resultate en bevindinge is statisties verwerk en uiteengesit.

- **Rol van die voorligtingonderwyser**

Na die toepassing van die studiebegeleidingsprogram blyk dit dat die voorligtingonderwyser met behulp van die kinderleidingkliniek of remediërende onderwyser in staat is om die studiebegeleidingsprogram aan die seniorprimêreskoolkind te bied wat 'n negatiewe studiehouding toon. Die studiebegeleidingsprogram kan vrugte afwerp en sodoende hulp verleen aan leerlinge wat leerprobleme ervaar om dit sodoende te bowe te kom.

- **Die doel van groepvoorligting**

Tydens die studiebegeleidingsprogram is daar gepoog om aan die groeplede 'n geborge omgewing te skep waarin hulle hul persoonlike probleme met mekaar kan deel en help oplos. Groeplede was nie altyd bereidwillig om hul probleme met die groep te deel nie, maar kon tog baat vind die oplossing van ander groeplede se probleme. Die groeplede het baie vaardighede aangeleer soos om selfverantwoordelikheid vir die oplossing van probleme te aanvaar. Tydens die groepvoorligting is elke groeplid as 'n individu behandel ten opsigte van persoonlikheid, omstandighede, agterstande en potensiaal. Daar het 'n baie mooi groepkohesie geheers tydens die groepstudiebegeleidingsprogram.

- **Vorbereiding van die groeplede**

Goeie voorbereiding van die groeplede in die groep is noodsaaklik. Die groepleier en groeplede moet 'n sterk vertrouensverhouding hê om die groepstudiebegeleidingsprogram 'n sukses te maak. 'n Individu wat nie wil saamwerk nie behoort nie tot die groep toegelaat te word nie, alvorens hy 'n positiewe gesindheid teenoor die groep openbaar nie. In so 'n geval sal individuele studiebegeleiding van groter waarde wees.

- **Tegniese by groepvoorligting**

Tydens die groepstudiebegeleidingsprogram is groot welslae met die volgende tegnieke behaal:

* **Groepsamewerking**

Met die aanvang van die groepstudiebegeleidingsprogram is groepsamewerking een van die belangrikste voorvereistes. Dit behels dat die groeplede aangetrokke tot mekaar moet voel en mekaar se probleme met empatie benader.

* **Bespreking**

Hierdie besprekingstegniek is baie effektief gebruik. In baie van die sessies is elke groep 'n tema of onderwerp gegee wat hulle moet bespreek. Elke lid in die groep moet sy mening lug. Die kleiner groepe rapporteer dan weer aan die groter groepe.

* **Wense**

Tydens die laaste sessie moes die groeplede vir mekaar boodskappe van goeie wense stuur. Hulle moes ook mekaar bemoedig om hul studies in die toekoms met meer gesdrif aan te pak en met sukses te voltooi.

* **Ontspanning**

Veral na die sessies het groeplede ontspanningstegnieke beoefen en ook tussen sessies soos by aandag en konsentrasie. Dit is ook 'n manier om hulself te beloon vir dit wat hulle tydens die sessie bereik het.

* **Rollespel**

Rollespel is ook met groot sukses gebruik. Die groeplede moes probleemsituasies deur middel van rollespel uitbeeld. Hulle het dit baie geniet.

* **Dinkskum**

Dinkskrum het ook baie goeie vrugte afgewerk. Die groeplede het dit veral geniet om 'n sin of vraag te voltooi en om hoofpunte op die skryfbord aan te teken.

* **Prikkeltabelle**

Hierdie prikkeltabelle was ook die vir groeplede opwindend. Dit is interessant om die inligting op hierdie manier te verkort en dit so te memoriseer.

* **Gonsgroepe**

Hierdie tegniek het die groeplede veral na 'n lessessie geniet. Hul aandag word opnuut getrek. Hulle kan vir 'n kort rukkie gesels en die groepleier moet verslag doen aan die hele groep. Dit voorkom verveeldheid.

* **Vertroueskepping**

Vertroueskepping is ook 'n genotvolle tegniek. Die groeplede het tydens hierdie sessie uit hul doppe gekruip en na mekaar uitgereik. Die groeplede het besef dat hulle vir mekaar iets beteken en dat hulle in 'n sin afhanklik is van mekaar. In der waarheid het hulle besef: "'n Mens is 'n mens deur ander mense."

● **Effektiwiteit van groepleiding ten opsigte van die studie**

Vir die doel van die studie is die groepvoorligting suksesvol in die sin dat die groeplede wat daaraan onderwerp is se studiehouding baie meer positief beïnvloed is. Na aanleiding van die vergelyking van die voor- en natoetse is daar 'n betekenisvolle verandering bespeur. Die verandering dui in die meeste gevalle op 'n groot effek, naamlik 0,8.

7.3 GEVOLGTREKKINGS

Uit die ondersoek blyk dit dat studiebegeleiding wel die kind in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding se houding teenoor studie positief kan beïnvloed. Die volgende afleidings kan op grond van die bevindings gemaak word.

Die kind in die seniorprimêreskoolfase behoort na regte goed te presteer sonder probleme. Indien daar wel probleme is, kom dit gedurende hierdie stadium duidelik na vore. Dit is belangrik dat daar tydens die middelkinderjare vasgestel moet word waar die probleemareas is en dat daadwerklik daaraan gewerk moet word. Gedurende die tydperk is die kind die mees ontvanklikste; daarom sal dit net goed wees om alle probleme wat gedurende die tydperk opduik of deurskemer dadelik op te los of uit die weg te ruim.

Volgens die studiemetodevraelys (1-20) is daar 'n beduidende verandering in die vraelysresponse wat voor en na die studiebegeleiding vergelyk is. Daar is deurgaans 'n groot effek ($d = 0,8$) by al die veranderlikes verkry. Hierdie verandering is dus opvoedkundig betekenisvol. Dit wil voorkom asof die respondente na die studiebegeleiding meer opsommings maak tydens leer; dit maklik vind om hul gedagtes uit te druk in toetse en eksamens, en sorg dat hulle eers 'n geheelbeeld kry van die stuk wat hulle moet leer of lees.

Volgens die studiehoudingvraelys (21-40) is daar ook 'n beduidende verandering tussen die vraelysresponse wat voor en na die begeleiding vergelyk is. 'n Groot effek is by al die items gekry, behalwe 22 wat 'n medium effek ($d = 0,5$) getoon het. Dit wil voorkom asof baie respondente net genoeg leer om te slaag. Hierdie verandering ten opsigte van al die vrae is dus opvoedkundig betekenisvol. Baie van die respondente voel egter dat hulle te veel tuiswerk kry in die middag. Minder raak verveeld na die studiebegeleiding en die meeste se houding het drasties positief verander teenoor hulle leerwerk en hul onderwyser wat les gee.

Dit blyk dat in alle vrae van die studiegewoontevraelys 'n beduidende verandering voorgekom het. 'n Groot effek is telkens verkry by die nommers

vanaf 41 tot 60, behalwe 41, 46, 47 en 50 wat slegs 'n medium effek getoon het. Sommige voel dat hulle steeds te min bereik in vergelyking met wat hulle insit, hulle doen nog tuiswerk onbepland, hulle stel uit om hul huiswerk te doen en hulle doen nooit ekstra werk nie. Nieteenstaande is daar 'n beduidende verandering en dus is dit opvoedkundig betekenisvol.

Volgens tabel 6.4 waar die leerders se Wetenskapstoetspunte voor en na studiebegeleiding voorgestel word, is daar 'n beduidende verbetering van die seuns en meisies (proefpersone). Die gemiddelde van die Wetenskapstoets voor die studiebegeleiding was 48% en na die studiebegeleiding was dit 67%. Dit het met 19% vermeerder. Die effekgrootte van 2.11 dui op 'n groot effek. Die seuns het oor die algemeen beter as die dogters gevaar.

7.4 AANBEVELINGS

Op grond van die bevindinge in die ondersoek word die volgende aanbeveel:

- Leerders se leeslus moet geprikkel word. Van tyd tot tyd kan die ondewyser interessante boeke aan die leerlinge bekend stel deur kleurvolle prente aan leerlinge te wys of stukkies uit 'n boek te lees.
- Hulle moet kundigheid aangeleer word ten opsigte van die maak van opsommings. Deur opsommings te maak, word die leerwerk vasgelê. Hoe meer oefening die kind kry in die maak van opsommings hoe beter sal sy opsommings wees.
- Leerders moet goed gemotiveer word deur duidelike doelstellings daar te stel of te bepaal. Die kind moet weet wat hy wil bereik en waarom. As hy doelgerig is, sal hy ook gemotiveerd wees in sy leerwerk.
- Leerders moet in die voorligtingsprogram in die skool gemotiveer word om 'n positiewe houding teenoor homself, sy leerwerk, sy ouers en onderwysers in te neem. As die kind 'n positiewe selfbeeld het, sal hy meer selfvertroue en selfverantwoordelikheid hê. Dit sal meebring dat hy akademies goed sal

presteer. Die kind moet besef dat dit wat hy leer eendag van groot waarde in die praktiese lewe sal wees. Die probleemsonne in Wiskunde moet hy/sy as 'n uitdaging sien. Die kind moet weet wanneer hy 'n fiets van R36-00 wil koop en hy het net R17-00 dat hy nog R19-00 nodig het om dit te kan doen. So kan elke vak se inhoud aan die daaglikse lewe gekoppel of gekorreleer word.

- Die kind moet wenke gegee word hoe om te leer. Sy leerplek moet goed belig en ingerig wees. Hy moet nie voor oop deure en vensters leer nie. Hy moet 'n werkprogram met al sy aktiwiteite opstel. Daarna volg 'n studierooster wat voorsiening moet maak vir elke vak en ruimte vir verandering moet gelaat word.
- Aandag en konsentrasie: Baie leerders kry die probleem dat hulle nie kan konsentreer nie. Hulle moet dus sorg dat die plek waar hulle leer nie prente, voorwerpe en geluide het wat hulle aandag kan aftrek nie. Hulle moet hul aandag rig op die leerinhoud wat onthou moet word en onaangename gedagtes moet uitgeskakel word. Daar moet dikwels aan die suksesvolle prestasies gedink word om sodoende 'n positiewe ingesteldheid op te bou. Konsentreer op die doel en oefen selfbeheersing uit deur spontane reaksies te vermy.
- Die kind moet vervolgens wenke gegee word hoe om te leer:
 - * voorskou - vluglees van verskillende afdelings;
 - * vrae stel - aan homself vrae stel;
 - * lees - lees 'n kort stukkie op 'n slag;
 - * opneem - kyk of hy die werk wat gelees het in sy eie woorde kan herhaal;
 - * kontrole - nadat die werk opgeneem is, moet dit vir korrektheid gekontroleer word;

- * hersien - nadat al die leerinhoud volgens stappe 2 tot 5 deurgewerk is, moet dit hersien word.

Wenke vir die beplanning en voorbereiding vir die eksamen

Die hersieningsrooster moet prakties en maklik wees om toe te pas.

Daar moet meer tyd toegestaan word aan moeilike vakke.

Sorg dat jy genoeg rus en ontspan tydens voorbereiding.

Hoe om die eksamen te benader

Moenie bang wees nie; alles is in jou brein.

Weet presies waar en wanneer die eksamen geskryf word.

Sorg dat jy al jou benodigdhede het vir die eksamen.

Lees die geskrewe instruksies goed deur.

Lees die hele vraestel deur en merk die vrae wat jy wel gaan doen.

Onderstreep sleutelwoorde en let op puntetoekenning.

"Dink voor jy ink".

7.5 LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Die proefpersone is uit 'n beperkte populasie getrek en die resultate wat verkry is, kan dus nie op alle seniorprimêreleerders van toepassing gemaak word nie.

Gesien in die tydsgewrig waarin ons staan is die grootste leemte in hierdie ondersoek waarskynlik dat dit nie op 'n multikulturele skoolgemeenskap gerig was nie.

'n Soortgelyke empiriese ondersoek behoort ook in ander skole uitgevoer te word ten einde die betroubaarheid van die resultate te toets en vas te stel in welke mate leerders 'n negatiewe studiehouding ondervind.

7.6 SLOT

Die doel met hierdie studie was om ondersoek in te stel of die kind in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding positief beïnvloed kan word met studiebegeleiding.

Uit die ondersoek het aan die lig gekom dat daar beduidende verskille tussen die voor- en naresponse van die vraelyste oor die studiebegeleiding is. Hierdie verskille is opvoedkundig betekenisvol. Daar is ook vergelykings getref tussen die proefpersone se Algemene Wetenskappunte voor en na die studiebegeleiding. Hiervolgens dui dit ook aan dat daar 'n groot algehele verbetering is van gemiddelde van ongeveer 37 punte of 37% wat opvoedkundig baie betekenisvol is.

Na aanleiding van die bespreekte probleme van die kind in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding is daar regtig 'n wesenlike nood in skole. Om daardie nood te verlig, behoort daar meer algemene kursusse aan onderwysers oor studiebegeleiding aan leerlinge in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding van stapel gestuur te word. In die proses sal baie meer onderwysers "eienaarskap" aanvaar en die probleem sal dan nie net dié van die skoolsielkundiges, skoolvoorligting- en die remediërende onderwysers wees nie.

As elke onderwyser op hoogte van hierdie situasie is, kan baie leerlinge in die seniorprimêreskoolfase met negatiewe studiehoudings vroeg geïdentifiseer word en studiebegeleidingsprogramme kan aan hulle gebied word. Die kind sal nie net voordeel trek hieruit tydens die seniorprimêreskoolfase nie, maar dit sal ook sy hele "leer" tot op tersiêre vlak vergemaklik. Met die hulp van hierdie studiebegeleidingsprogram vir leerlinge in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding sal die kind meer gemotiveerd wees in alles wat hy

aanpak en bowenal 'n gelukkige volwassene wat 'n groot aanwinst vir homself en vir sy gemeenskap kan wees.

Studiebegeleiding sal dus 'n positiewe invloed hê op die studiehouding van die leerlinge in die seniorprimêreskoolfase met 'n negatiewe studiehouding.

- COLE, M. & COLE, R.C. 1989. The development of children. New York: Scientific American Books.
- DARLEY, J.M., GLUCKSBERG, S.A.M. & KINCHLA, R.A. 1986. Psychology. New Jersey: Prentice-Hall.
- DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K. & VAN DER WESTHUIZEN, G.J. 1981. Opvoedende leer. Durban: Butterworth.
- DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. Durban: Butterworth.
- DU PLESSIS, W. 1995. Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom: PU vir CHO.
- FRASER, W.J., LOUBSER, C.P. & VAN ROOY, M.P. 1990. Didaktiek vir die voorgraadse student. Pretoria: Butterworth.
- GEARHEART, R.B. 1981. Learning disabilities. USA: Mosby Company.
- GIBSON, C., HOOLE, G. & PASSCHIER, B. 1989. Slaag jou eksamens maklik. Kaapstad: Struik Uitgewers.
- GOLIATH, C.G. 1992. Kollektiewe konflikgeoriënteerde gedrag en die studiehouding en -gewoontes van leerlinge. Johannesburg: RAU (Verhandeling - M.Ed.).
- GOUWS, L.A., MEYER, W.F. & PLUG. C. 1979. Menslike ontwikkeling. Johannesburg: Mc Graw-Hill.
- GREYLING, P.J. 1989. Didactics reading instructions. Pretoria: HAUM.
- GROVÉ, M.C. & HAUPTFLEISH, H.M. 1988. Remediërende onderwys in die primêre skool. Pretoria: HAUM.
- HAMMIL, D.D. & BARTEL, N.R. 1980. Teaching students with learning and behavior problems. Boston: Allyn and Bacon, Inc.
- HOPKINS, C.D. 1976. Educational research: a structure for enquiry. Ohio: Charles E Merrill.

- HUSÈN, T. 1994. Knowledge acquisition and comprehension. The international encyclopedia of education. 2 (6).
- JACOBS, C.D. 1986. Swot om te presteer. Pretoria: HAUM.
- JOHNSON, P. 1985. Teaching students to apply strategies that improve reading comprehension. *The elementary school journal*, 85(5):636-638.
- JOOSTE, C.J. 1988. Hoe moet ek studeer? Pretoria: NHS-uitgewers.
- KAPP, J.A. 1990. Kind met leerprobleme. Pretoria: Van Schaik.
- KOK, J.C. 1981. Die junior sekondêre skooljare. Johannesburg: RAU. (Opvoedkundige publikasie. Studiestuk nr. 3.)
- KRUGER, H.B. 1980. Algemene skoolvoorligting vir onderwysstudente. Pretoria: Butterworths.
- KRUGER, J.R., SMIT, E. & LE ROUX, W.L. 1996. Basiese sielkunde. Kenwyn: Juta.
- KRUGER, R.A., OOSTHUIZEN, M., MAARSHCALK, R. 1981. Studeer en presteer. Johannesburg: Perskor.
- KURTEN, J.V.L. 1980. Voorkoms van stres by st. 5-leerlinge. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - M.Ed.)
- LAMPRECHT, C. 1992. My kind 'n wenner. Kaapstad. Tafelberg Uitgewers.
- LEFRANCOIS, R.G. 1993. The lifespan. Belmont: Wadsworth Pub.
- LOUW, D.A. 1990. Menslike ontwikkeling. Pretoria: HAUM.
- LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A. 1993. Sielkunde. Johannesburg: Lexicon.
- LOUW, D.A, GERDES, L.C., MEYER, W.F. 1985. Menslike ontwikkeling. Pretoria: PU vir CHO.
- MARAIS, J.L. 1993. Die metodiek van lewensopvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO.
- MARAIS, J.L. 1986. Studeer met sukses. Pretoria: De Jaer-HAUM.

- MATTHEWS, M. 1988. Leer om te leer. Kaapstad: Don Nelson.
- Mc SHANE, J. 1991. Cognitive development. Oxford: Basil Blackwell.
- MEADOWS, S. 1986. Understanding child development. London: Unwin Hyman.
- MEIJ, M. 1993. Leerontwikkelingstrategieë. Pretoria: HAUM.
- MONTEITH, J.L. DE K., POSTMA, F., SCOTT, M. & VAN DER WESTHUIZEN, G.J. 1987. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Potchefstroom: PU vir CHO.
- MUSSEN, P., CONGER, J., KAGAN, J. & HUSTON, A. 1990. Child development and personality. New York: Harper & row Publishers.
- NISBET, J. & SCHUCKSMITH, J. 1986. Learning strategies. London: Routledge.
- ODENDAAL, F.F., SCHONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1984. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal, Kaapstad: Perskor.
- OOSTHUIZEN, M. 1978. 'n Diagnostiese ondersoek na die studiehoudings, -gewoontes en -metodes van leerlinge in juniorsekondêreskoolfase. Johannesburg: RAU.
- PALMER, R.C. & CHALMERS, C. 1988. Flying start. Parkview: Python Publications.
- PAPALIA, D.E. & ALAS, S.W. 1988. Psychology. New York: Mc Graw Hill.
- PINTRICH, P.R. 1989. The dynamic interplay of student motivation and cognition in the college classroom. (*In* Maehr, M, & Ames, C, eds. Advantages in motivation and achievement. Motivation enhancing environments JAI Press p.117-142.)
- PRESLEY, M. & BARNERD, C. 1985. Cognitive learning and memory in children. New York: Spronger-Verlag.
- PRETORIUS, 1988. Selfbeeld van hulpklasleerling. Potchefstroom. PU vir CHO. (Verhandeling - M.Ed.)

- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1984. Opname van studiegewoontes en studiehouding (OSGH) vorm H, St. 6-10. Pretoria.
- REED, B.D., DEDRICH, C.V., STRATHE, M.I. & HAWKES, R.R. 1985. *The elementary school journal*, 85(4):559-564.
- REMSBURG, B., SAUNDERS, A. 1984. Help your child cope with stress. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- RILEY, D. & SHAPIRO, J. 1989. Diagnoses and correction of reading problems as a problem-solving process. Montana.
- ROSENSHINE, B. & STEVENS, R. 1986. Teaching functions. (In Wittrock, M.C., Handbook of research on teaching. New York: Mac Millan.)
- SEIFERT, K.L. & HOFFNUNG, R.J. 1991. Child and adolescent development. Boston: Houghton Publishers.
- SMIT, A.G. 1980. Groepvoorigting in die sekondêre skool. Durban: Butterworth.
- SMIT, G.J. 1986. Psigometrika. Pretoria: HAUM.
- SMITH, E. & LE ROUX, P. 1992. Basic psychology for human practitioners, Vol.1. Kenwyn: Juta.
- SONNEKUS, M.C.H. 1984 Opvoeding en opvoedingsprobleme tussen ouer en kind. Pretoria: HAUM.
- SONNEKUS, M.C.H. 1986. Die kind met probleme. Pretoria: Errol Mark Uitgewers.
- STEENKAMP, W.L., DU PREEZ, J.J. & BEKKER, J.P. 1981. Die stadige leerder. Pretoria: Butterworth.
- STEYN, I.N. 1992. Curriculum design and evaluation. A study and workbook. PU vir CHO: Vaal Triangle Campus.
- STEYN, I.N. 1985. Onderrig-leer as wyse van opvoeding. Durban: Butterworth.

- STEYN, P.P.J. 1989. Ouerbetrokkenheid by tuiswerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - (M.Ed.)
- THERON, J.A.L. 1985. Dis lekker om te leer. Brits.
- TRUTER, L. 1988. Stylbenadering tot leerprobleme. *Die Unie*, 324-326, Junie.
- TURNER, J.S. & HELMS, D.B. 1987. Lifespan development. New York: Holt, Rinehart and Winston.
- VAN NIEKERK, J.F. 1980. Die metodiek van studievoorigting. Goodwood: NASOU.
- VAN NIEKERK, J.F. 1984. Doeltreffende studie. Goodwood: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.
- VAN NIEKERK, P.A. 1986. Die opvoedkundige sielkundige. Grahamstad: Universiteitsuitgewers.
- VISSER, W.J.C. 1974. How to study and enjoy it. Port Elizabeth: UPE.
- WARRICK, D.D. 1981. Managing the stress of organisation development. *Training and development journal*, 6(4):37-41, Apr.
- WEINERT, E. 1987. Metacognition, motivation and understanding. London: Lea Publishers.
- WOOLFOLK, A.E. 1990. Educational psychology. New Jersey: Prentice Hall.
- WOOLFOLK, A.E. 1995. Educational psychology. London: Allyn and Bacon.

BYLAAG 1

AANWYSINGS VAN VRAELYSTE OOR STUDIEMETODES, -HOUDINGS EN -GEWOONTES

Die doel met hierdie vraelysopname is om jou studiemetodes, studiehoudings en studiegewoontes te ondersoek ten einde jou te help om jou houding teenoor studie te verbeter.

Die vraelys bevat 60 stellings wat met nooit, soms, dikwels, gewoonlik of altyd beantwoord moet word. Daar is geen "regte" of "verkeerde" antwoorde op die stellings nie. As jy alle stellings eerlik beantwoord het, sal dit jou help om baie van jou huidige foute te identifiseer en studiehouding te verbeter. Antwoord asseblief presies volgens jou eie mening. Jou antwoorde sal streng vertroulik behandel word.

Werk so vinnig jy kan sonder om nalatig te wees. Moenie te veel tyd aan een stelling bestee nie. Daar is geen tydsbeperking om hierdie opname te voltooi nie.

Moet asseblief nie enige merke op hierdie vraelys maak nie. Maak 'n kruisie langs die antwoord wat van toepassing is. Vee skoon uit as jy 'n antwoord wil verander.

Hier volg 'n verduideliking van die simbole wat gebruik word vir die antwoorde op die stellings:

1. **NOOIT** beteken van 0-15% van die tyd.
2. **SOMS** beteken van 16-35% van die tyd.
3. **DIKWELS** beteken van 36-65% van die tyd.
4. **GEWOONLIK** beteken van 66-85% van die tyd.
5. **ALTYD** beteken van 86-100% van die tyd.

MOET ASSEBLIEF NIE STELLINGS OORSLAAN NIE.

NAAM:

NOMMER:

STUDIEMETODEVRAELYS

01 (1-2)

- 1 Wanneer ek leer, blaai ek eers deur die leerinhoud om 'n geheelbeeld te kry waaroor die leerstof handel. (3)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

2. Ek stel vir myself vrae op oor die werk wat ek gaan leer. (4)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

3. Ek vind dit maklik om die belangrike punte uit 'n gedeelte wat ek gelees het uit te lig. (5)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

4. As ek 'n klomp bladsye moet deurlees, onderbreek ek kort-kort my lees om te kyk wat ek kan onthou van die gedeelte wat ek alreeds gelees het. (6)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

5. Ek leer alle grafieke, tabelle en syfers wat in my leerwerk voorkom (7)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

6. Ek maak seker dat ek die werk begryp voordat ek dit begin memoriseer. (8)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

7. Ek vind dit maklik om te onthou wat ek geleer het. (9)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

8. Om my werk te leer, maak ek opsommings, eenvoudige tabelle en skemas. (10)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

- 9 Wanneer ek leer, kan ek goed konsentreer. (11)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

10. Ek vind dit maklik om aan die gang te kom met my leerwerk. (12)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

11. Ek vind dit maklik om te sê wat ek wil sê in toetse, opstelle en ander skriftelike werk. (13)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

12. My skriftelike werk is gereeld goed beplan en korrek geskryf. (14)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

13 Ek doen gedurende die jaar hersiening van die werk wat ek in die jaar gedoen het, afgesien van leer vir klastoetse. (15)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

14. Wanneer ek my moet voorberei vir die eksamen of klastoetse beraam ek 'n plan vir die hersiening van die werk wat ek gedoen het. (16)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

15. Ek gebruik 'n paar minute om my werk oor te lees voordat ek my toets- of eksamenskrifte ingee. (17)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

16. Ek kry dit reg om toetse binne die bepaalde tyd te voltooi (18)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

17. Ek is goed genoeg uitgerus as ek eksamen skryf. (19)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

18. Ek is kalm terwyl ek eksamen skryf, sodat ek die vrae so goed as ek kan beantwoord. (20)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

19. Ek kry dit reg om die tyd vir 'n toets of eksamen so te verdeel dat ek nie te veel tyd aan party vrae bestee en later die ander vrae oorhaastig moet voltooi nie. (21)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

20. Ek sorg dat ek die vraag eers versigtig deurlees en goed verstaan voordat ek dit beantwoord. (22)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

21. Ek verloor belangstelling in my skoolwerk na die eerste paar dae. (23)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

22. Ek glo daarin om net genoeg te doen om 'n slaagpunt te behaal. (24)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

23. Ek voel verward en besluiteloos oor wat ek in die skool wil leer. (25)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

24. Ek dink dat dit nie nodig is om so baie te leer en geld en tyd te spandeer vir opvoeding nie. (26)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

25. Ek is van mening dat dit belangriker is om my lewe te geniet en baie pret te hê as om te leer. (27)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

26. Ek bestee my tyd om prentjies te teken, briefies te skrywe of te dagdroom in plaas daarvan om aandag te gee aan my onderwyser. (28)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

27. Dit is vir my onmoontlik om op my werk te konsentreer omdat ek rusteloos, buierig en verveeld is. (29)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

28. Ek voel dat van die skoolvakke van min praktiese waarde is. (30)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

29. Ek voel lus om die skool te verlaat. (31)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

30. Ek voel dat die dinge wat 'n mens op skool leer jou nie help met jou probleme buite die skool nie. (32)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

31. Skool is my 'n saak van tref of mis, afhangende van die bui waarin ek is. (33)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

32. Die lees van skoolboeke is vir my so oninteressant en vervelig dat ek myself moet dwing om dit te doen. (34)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

33. Ek wat tot 'n dag voor die toets of eksamen voordat ek die werk begin oorlees of aantekeninge oorgaan. (35)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

34. Ek beskou 'n toets of eksamen as 'n krisis wat ek nie kan vermy nie en wat ek op die een of ander wyse moet probeer oorleef. (36)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

35. Ek dink dat die onderwysers nie die behoeftes en belange van leerlinge begryp nie. (37)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

36. Ek aarsel om 'n onderwyser te vra om 'n verdere verduideliking van 'n opdrag wat vir my nie duidelik is nie. (38)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

37. Ek dink dat die onderwysers te veel leerwerk van my verwag in die middag, saans en naweke. (39)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

38. Ek dink dat die onderwysers nie die kind se hedendaagse probleme verstaan nie. (40)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

39. Ek voel oor die algemeen huiwerig om met my onderwysers te bespreek wat ek eendag wil word. (41)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

40. Ek kritiseer my onderwysers tydens gesprekke met vriende. (42)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

41. Ek stel my werk uit tot die laaste oomblik. (43)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

42. As ek wil begin leer, voel ek moeg en verveeld om al die aandag aan my werk te gee. (44)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

43. Van my klasse is so vervelig dat ek gedurende die periodes prentjies teken en briefies skryf, in plaas van aandag aan my onverwyser gee. (45)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

44. Ek verwaarloos my skoolwerk as gevolg van buitemuurse aktiwiteite. (46)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

45. Ek raak agter in een vak omdat ek vir 'n ander moes leer. (47)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

46. Ek voel ek bereik baie min in verhouding tot die hoeveelheid tyd wat ek aan my skoolwerk bestee. (48)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

47. Ek doen my huiswerk op 'n onbeplande manier sonder enige vaste patroon. (49)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

48. Wanneer ek tuis leer, kom daar onderbrekings voor wat my steur. (50)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

49. Ek doen nooit ekstra werk in 'n vak nie, behalwe die gewone huiswerk. (51)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

50. My gedagtes dwaal van my werk af as ek leer. (52)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

51. Ek leer altyd voor 'n oop deur of venster. (53)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

52. Ek hou aandenkings en foto's op my lessenaar. (54)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

53. Ek leer terwyl ek op 'n bed lê of in 'n gemakstoel sit. (55)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

54. Die lig van 'n lamp skyn op my boek waar ek werk. (56)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

55. My lessenaar is altyd netjies. (57)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

56. Ek word deur ander persone gehinder terwyl ek leer. (58)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

57. Ek hou daarvan om 'n radio of platespeler aan te skakel terwyl ek leer. (59)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

58. Daar is tydskrifte, plakkate en stokperdjie materiaal te sien vanwaar ek leer. (60)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

59. Ek word gehinder deur lawaai naby my leerplek (61)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

60. My skoolwerk word vertraag omdat ek sommige boeke en skryfbehoeftes wat ek benodig nie het nie. (62)

Nooit	Soms	Dikwels	Gewoonlik	Altyd
--------------	-------------	----------------	------------------	--------------

BYLAAG 2

Adam Bloemstraat 11

Brentpark

Kroonstad

9500

15 Junie 1995

Die Skoolhoof
Brentvale Primêr
Posbus 1067
Kroonstad
9500

Geagte Heer

Graag wens ek toestemming te vra om 15 leerlinge in standerd vier van Brentvale in my M.Ed.-navorsing te gebruik.

Die tema van die tesis is **Studiebegeleiding van leerlinge met 'n negatiewe studiehouding in die seniorprimêreskoolfase.**

In die navorsing sal ek graag van die Kinderleidingkliniek te Kroonstad se dienste gebruik maak. Die leerlinge sal ook 'n studiegewoontevraelys, -houdingvraelys en studiemetodevraelys voltooi om hul studiebegeleiding te bepaal. Daar sal na skoolure 'n studiebegeleidingsprogram aangebied word wat leerlinge se studiehouding positief behoort in te stel.

Ek hoop u sal my tegemoetkomend wees in hierdie opsig.

By voorbaat dank.

Die uwe

(Mev.) F.W. Phooko

BYLAAG 3

Adam Bloemstraat 11

Brentpark

Kroonstad

9500

7 Maart 1995

Die Streekhoof

Dept. Onderwys en Kultuurdienste

Privaatsak X20570

Bloemfontein

9300

Geagte Heer

Graag wens ek hiermee toestemming te vra om van die standerd 4-leerlinge van Brentvale Primêr in my M.Ed.-studienavorsing gebruik te maak.

Die tema van die verhandeling is **Studiebegeleiding van leerlinge met 'n negatiewe studiehouding in die seniorprimêreskoolfase.**

In die navorsing sal ek graag van die Kinderleidingkliniek te Kroonstad se dienste wil gebruik maak om 'n IK-groepoets op die leerlinge te doen. Die leerlinge sal ook 'n studiegewoontevraelys en studiehoudingvraelys voltooi om hul studiehouding te bepaal.

Ek hoop u sal my tegemoetkomend wees in hierdie opsig.

By voorbaat dank.

Die uwe

(Mev.) .F.W Phooko

BYLAAG 4

Adam Bloemstraat 11
Brentpark
Kroonstad
9500
5 Junie 1995

Die Uitvoerende Direkteur van Onderwys
Posbus 521
Bloemfontein
9300

Geagte Heer

Graag wens ek hiermee toestemming te vra om van die Kinderleidingkliniek te Kroonstad se dienste gebruik te maak.

Ek is tans besig met die M.Ed.-graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en verlang graag dat die Kinderleidingkliniek vir my 15 leerlinge in standerd 4 se IK-toetse moet afneem. Die tema van die tesis is **Studiebegeleiding van leerlinge met 'n negatiewe studiehouding in die seniorprimêreskoolfase.**

Ek hoop u sal my tegemoetkomend wees in hierdie opsig.

By voorbaat dank.

Die uwe

(Mev.) F.W. Phooko
